

Inhoud

Senwes visie en strategie	1
Finansiële hoogtepunte	2
Oorsig oor bedrywe	4
Struktuur: Senwes Groep	5
Direksie	6
Verslag van die Voorsitter	8

BEDRYFSOORSIG

 Marktoegang vir primêre landbougewasse	12
 Insetverskaffing	14
 Produsente finansiering	16
 Diverse ondernemings	17
 Korporatiewe sake	18

Finansiële oorsig	20
Verslag van volhoubaarheid	22
Verslag van korporatiewe beheer	30
Risikobestuursverslag	37
Senwes Groep: Vyfjaar-oorsig	38
Definisies	40
Staat van toegevoegde waarde	41
Verklaring van verantwoordelikheid deur die Direksie	42
Verklaring van die Sekretaris	42
Finansiële resultate	43
Korporatiewe inligting	84

Profiel

Senwes is 'n landboumaatskappy wat hom toespits op:

- marktoegang vir primêre landbougewasse;
- insetverskaffing aan die produsent; en
- waardetoevoeging vir rolspelers in dié ketting.

Sedert die onderneming 97 jaar gelede gestig is, het dit gegroei en gediversifiseer en het Sentraalwes oor die jare 'n leidende rol in die Suid-Afrikaanse landboubedryf gespeel. Op 10 April 1997 is die koöperasie omgeskakel na 'n publieke maatskappy bekend as Senwes. Senwes is ekstensief bedrywig in die graanbedryf, verskaffing van boerdery insette, meganisasiebesigheid en landbougefokusde finansieringsdienste met teenwoordigheid in die Vrystaat, Noordwes, Noord-Kaap en Gauteng provinsies.

Die goedgeplaaste silo-infrastruktuur bied 'n kapasiteit van 4,6 miljoen ton – wat meer as 25% van die totale Suid-Afrikaanse kommersiële opberging verteenwoordig. Sowat 30% van die land se graan en oliesade word in 'n normale landboujaar hier opgeberg en gehanteer. Senwes is 'n betroubare verskaffer van skoon, veilige en gesonde kommoditeite met integriteit, op 'n kwaliteitbasis.

Wat handel en meganisasie betref, is Senwes ingestel op eksklusiewe en mededingende waarde- en dienspakkette vir landbouprodusente. Verdere waarde word toegevoeg deur relevante insetkostefinansieringspakkette. Die Groep se diverse bedrywe behels die verwerking en verpakking van saad en wyn en die lewering van finansiële dienste deur 'n versekeringsmakelary.

'n Breë basis swart ekonomiese bemagtigingstransaksie is gedurende 2006 met die Bafokeng Konsortium gesluit. Dit bied Senwes toegang tot nuwe markte en ontsluit ander geleenthede as bemagtigde landboumaatskappy.

Met integriteit, aanspreeklikheid, innovasie, besigheidsoriëntasie, selfmotivering en lojaliteit aan Senwes as kernwaardes, is die sakeprioriteit ingestel op volhoubare waardeskepping en die lewering van 'n mededingende produk- en dienspakket.

BREEK NUWE GROND



Visie en **STRATEGIE**

VISIE

Die mees geadmireerde agri-besigheid in Suid-Afrika.


STRATEGIE

- Diversifikasie binne kernbesigheid
- Waardeontsluiting
- Swart ekonomiese bemagtiging (SEB)
- Finansiële prestasie

MISSIE

Senwes is 'n gediversifiseerde agri-besigheid in die verskaffing van landbou-produksiemiddele, marktoegang vir landbouprodukte en wat waardetoevoegende dienste aan sy klante verskaf.


Met sy mense, sterk infrastruktuur en gesonde kernwaardes as boustene, fokus Senwes op volhoubare waardeskepping vir alle belanghebbendes.




Finansiële HOOGTEPUNTE

- **Wesensverdiens te per aandeel verhoog met 7%**
na 58,1 sent per aandeel
- **Rentedraende skuld verlaag met 27%**
na R585 m
- **Netto batewaarde per aandeel verhoog met 23%**
tot 377,8 sent per aandeel vanaf verlede jaar se 306,9 sent gepubliseer.


Netto wins voor belasting




Netto batewaarde per aandeel (IFVS aangepas)



Eie kapitaal verhouding



Rentedraende skuld



- **Totale dividende per aandeel: 35 sent**

Finale gewone dividend voorgestel – 15 sent


Spesiale dividend tussentyds betaal – 20 sent

- **Opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang: 16%**


- **Groei in markwaarde van aandele verhoog met 52%**
tot 250 sent per aandeel

- **2006 kontantvloei R215 m positief**


Dividende




Opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang







Totale bates teenoor personeelgetalle



Wesensverdiens te per aandeel




Oorsig oor BEDRYWE

DIVISIE	Marktoegang • Graanbedryf • Logistieke dienste • Graanbemarking • Graanfinansiering	Insetverskaffing • Handelswinkels • Meganisasie • Kredietverskaffing • Versekering	Nywerhede • Wynkelder • Saad	Beëindigde bedrywe • Senwesko Voere • Grondbone bedryf • Nie-winsgewende handelspunte																																																																								
AARD VAN BESIGHEID	<i>Die skep van marktoegang vir die graanprodusent en die bemarking van graanprodukte aan die grootste afnemers daarvan in Suid-Afrika.</i> • Hantering en opberging van graan • Logistieke dienste vir die verkryging en verspreiding van graan • Bemarking van graan • Finansiering van bemarkte graan	<i>Verskaffing van insetmiddele aan die landbouprodusent</i> • Verspreidingsnetwerk van handelswinkels vir die verskaffing van produksie insetmiddele en algemene boerdery benodigdhede • Netwerk van bedieningspunte vir die verkoop en instandhouding van landboustoerusting • Finansiering van alle landbou georiënteerde insette • Verskeie doelgemaakte versekeringsprodukte	<i>Bedrywe ter verlenging van die waardeketting</i> • Aankoop by produsente, die verwerking daarvan, en die bemarking van verskeie wynprodukte • Die ontwikkeling en bemarking van saadprodukte, as deel van die insetmiddele-ketting	<i>Bedrywe ter verlenging van die waardeketting</i> • Vervaardiging en verspreiding van 'n reeks veevoerprodukte • Ontvangs, verwerking en verspreiding van grondbone																																																																								
BYDRAE TOT WINS VOOR BELASTING																																																																												
SLEUTEL FINANSIËLE INDIKATORS	<table><thead><tr><th></th><th>2006 Rm</th><th>2005 Rm</th></tr></thead><tbody><tr><td>Inkomste</td><td>2 672</td><td>2 867</td></tr><tr><td>Bedryfsinkomste</td><td>483</td><td>525</td></tr><tr><td>Netto wins voor finansiering</td><td>213</td><td>230</td></tr><tr><td>Finansieringskoste</td><td>(32)</td><td>(48)</td></tr><tr><td>Netto wins voor belasting</td><td>181</td><td>182</td></tr></tbody></table>		2006 Rm	2005 Rm	Inkomste	2 672	2 867	Bedryfsinkomste	483	525	Netto wins voor finansiering	213	230	Finansieringskoste	(32)	(48)	Netto wins voor belasting	181	182	<table><thead><tr><th></th><th>2006 Rm</th><th>2005 Rm</th></tr></thead><tbody><tr><td>Inkomste</td><td>903</td><td>935</td></tr><tr><td>Bedryfsinkomste</td><td>161</td><td>182</td></tr><tr><td>Netto wins voor finansiering</td><td>7</td><td>18</td></tr><tr><td>Finansieringskoste</td><td>(25)</td><td>(26)</td></tr><tr><td>Netto wins voor belasting</td><td>(18)</td><td>(8)</td></tr></tbody></table>		2006 Rm	2005 Rm	Inkomste	903	935	Bedryfsinkomste	161	182	Netto wins voor finansiering	7	18	Finansieringskoste	(25)	(26)	Netto wins voor belasting	(18)	(8)	<table><thead><tr><th></th><th>2006 Rm</th><th>2005 Rm</th></tr></thead><tbody><tr><td>Inkomste</td><td>17</td><td>22</td></tr><tr><td>Bedryfsinkomste</td><td>11</td><td>10</td></tr><tr><td>Netto wins voor finansiering</td><td>6</td><td>9</td></tr><tr><td>Finansieringskoste</td><td>(1)</td><td>(3)</td></tr><tr><td>Netto wins voor belasting</td><td>5</td><td>6</td></tr></tbody></table>		2006 Rm	2005 Rm	Inkomste	17	22	Bedryfsinkomste	11	10	Netto wins voor finansiering	6	9	Finansieringskoste	(1)	(3)	Netto wins voor belasting	5	6	<table><thead><tr><th></th><th>2006 Rm</th><th>2005 Rm</th></tr></thead><tbody><tr><td>Inkomste</td><td>443</td><td>523</td></tr><tr><td>Bedryfsinkomste</td><td>51</td><td>25</td></tr><tr><td>Netto wins voor finansiering</td><td>28</td><td>(6)</td></tr><tr><td>Finansieringskoste</td><td>-</td><td>-</td></tr><tr><td>Netto wins voor belasting</td><td>28</td><td>(6)</td></tr></tbody></table>		2006 Rm	2005 Rm	Inkomste	443	523	Bedryfsinkomste	51	25	Netto wins voor finansiering	28	(6)	Finansieringskoste	-	-	Netto wins voor belasting	28	(6)
	2006 Rm	2005 Rm																																																																										
Inkomste	2 672	2 867																																																																										
Bedryfsinkomste	483	525																																																																										
Netto wins voor finansiering	213	230																																																																										
Finansieringskoste	(32)	(48)																																																																										
Netto wins voor belasting	181	182																																																																										
	2006 Rm	2005 Rm																																																																										
Inkomste	903	935																																																																										
Bedryfsinkomste	161	182																																																																										
Netto wins voor finansiering	7	18																																																																										
Finansieringskoste	(25)	(26)																																																																										
Netto wins voor belasting	(18)	(8)																																																																										
	2006 Rm	2005 Rm																																																																										
Inkomste	17	22																																																																										
Bedryfsinkomste	11	10																																																																										
Netto wins voor finansiering	6	9																																																																										
Finansieringskoste	(1)	(3)																																																																										
Netto wins voor belasting	5	6																																																																										
	2006 Rm	2005 Rm																																																																										
Inkomste	443	523																																																																										
Bedryfsinkomste	51	25																																																																										
Netto wins voor finansiering	28	(6)																																																																										
Finansieringskoste	-	-																																																																										
Netto wins voor belasting	28	(6)																																																																										
BEDRYFSPUNTE	69 graansilokomplekse 20 graanverkrygingskantore	27 handelswinkels 12 meganisasie werksinkels 15 versekering bedieningspunte Gesentraliseerde finansiering	Hartswater Wynkelder Senwes Saad	Senwesko Voere - Viljoenskroon Grondbone - Hartswater en Jan Kempdorp 11 handelspunte																																																																								
																																																																												

Struktuur

SENVES GROEP



DIREKSIE



1 JAPIE GROBLER (54)

Voorsitter
B.Juris, LLB
Ex officio toegang tot alle Raadskomitees
Lid van die Standaardkomitee
Direksielid sedert April 1997

2 DANIE MINNAAR (41)

Ondervoorsitter
B.Com
Voorsitter van die Menslike Hulpbronnekomitee
Lid van die Ouditkomitee
Lid van die Standaardkomitee
Direksielid sedert September 1999

3 JOHAN ALBERTS (63)

SSAF, B.Com(Ekon), STR, GR(SA)
Voorsitter van die Ouditkomitee
Direksielid sedert Januarie 2001

4 JAN BOTMA (39)

Lid van die Menslike Hulpbronnekomitee
Direksielid sedert Oktober 2000

5 JANNIE ELS (60)

Landboudiploma
Lid van die Menslike Hulpbronnekomitee
Direksielid sedert Oktober 2000

6 DINA O LERUTLA (26)*

B.BusSci(Hons), GFA
Bestuurder Strategiese Beleggings van
Royal Bafokeng Finance
Lid van die Menslike Hulpbronnekomitee
Direksielid sedert Februarie 2006

7 THYS LOURENS (58)

B.ScAgric
Lid van die Risikokomitee
Direksielid sedert November 2001

8 GEORGE (OUPA) MAGASHULA (44)

B.Sc(Chem), Nasionale diploma (Analitiese Chemie),
Nagraadse kwalifikasie (Besigheidsbestuur)
Lid van die Menslike Hulpbronnekomitee
(tot 29/03/2006)
Direksielid sedert Oktober 2003

*** Alternatiewe direkteur:**

LUCAS NDALA (31)

B.Com, PGDM en B.Com(Hons), GR(SA)
Alternatiewe direkteur vir Dinao Lerutla sedert Februarie 2006



9



10



11



12



13



14



15



16

- 9 JACOB MASHIKE (39)***
B.Sc(Eng)Chem, MBL
Direkteur van Treacle Private Equity (Edms) Bpk
Lid van die Risikokomitee
Direksielid sedert Februarie 2006

- 10 BERTUS MOSTERT (40)**
B.Proc
Lid van die Risikokomitee
Lid van die Ouditkomitee
Direksielid sedert Oktober 2003

- 11 JIMMY SHAHIM (48)**
B.Agric Boerderybestuur
Lid van die Ouditkomitee
Direksielid sedert Oktober 2000

- 12 WH VAN ZYL (64)**
Voorsitter van die Risikokomitee
Lid van die Standaardkomitee
Direksielid sedert Oktober 2002

- 13 JOHAN DIQUE (50)**
Besturende Direkteur
B.Com(Hons), GR(SA)

- 14 STEVEN ALBERTS (40)**
Direkteur Finansies
B.Rek, B.Compt(Hons), GR(SA)

- 15 FRANCOIS STRYDOM (46)**
Direkteur Bedryf
B.ScAgric(Hons)(Veekunde)

- 16 ELMARIE JOYNT (36)**
Maatskappysekretaris
B.Com(Regte), LLB
Prokureur van die Hoërhof, Aff. CIBM

* **Alternatiewe direkteur:**
KONRAD FLEISCHHAUER (37)
Pr.Eng(Ind)(Hons), MBA
Direkteur van Treacle Private Equity (Edms) Bpk
Alternatiewe direkteur vir Jacob Mashike sedert Februarie 2006

Verslag van die **VOORSITTER**

Senwes kon vanjaar weer eens aflewer op sy verbintenis tot waardeskepping. Die veredeling van aandele lê opgesluit in goeie opbrengs op ekwiteit, positiewe kontantvloei en gereelde ontsluiting van waarde deur middel van 'n markgerigte dividendstroom. Die sukses hiermee word gesteun deur Senwes se volwaardige lidmaatskap as verantwoordelike korporatiewe burger en die benutting van die geleenthede wat dit bied.

WAARDESKEPPING

Die verbintenis tot waardeskepping word vanjaar gedemonstreer deur 'n 16%-opbrengs op ekwiteit. Ekonomiese waarde word slegs geskep indien die opbrengs hoër as 'n billike markverwagting is. Vanjaar was die vierde agtereenvolgende jaar wat dit bereik is en dit het die hoeksteen geword vir die veredeling van aandelewaarde. Die Senwes aandeel het vanjaar sy staal gewys en die prys het gestyg vanaf 165 sent aan die begin van die jaar tot 250 sent teen jaareinde – 'n styging van 52%. Hierdie styging is veroorsaak deur die gesonde fundamentele van opbrengs, dividende, SEB, beleggersvertroue en gevolglike meer likiede verhandeling.

NETTO WINS EN KONTANTVLOEI

Die netto wins na belasting het R107 miljoen beloop ten spyte van die verlies aan omsette van insetmiddele as gevolg van die afskaling in aanplantings van ongeveer 50%. Die positiewe kontantvloei was egter veel hoër en het op R215 miljoen vir die jaar te staan gekom. Dit is moontlik gemaak deur die fluksheid wat oor die afgelope vier jaar binne die balansstaat geskep is. Rentedraende skuld is verder verlaag.

DIVIDENDE

'n Spesiale dividend van 20 sent per aandeel is gedurende die laaste kwartaal van die jaar aan aandeelhouders uitbetaal. Dit is moontlik gemaak deur positiewe kontantvloei bokant die normale bedryfsbehoefte en 'n gesonde ratverhouding. 'n Finale dividend van 15 sent per aandeel word voorgestel in lyn met die beleid van 'n markgerigte dividendopbrengs op die jongste aandeelprys. Die Direksie is van mening dat die dividendstroom goeie ondersteuning bied aan die kontantvloei van aandeelhouders op 'n tydstop waar dit onder besondere druk verkeer.

SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING


Verlede jaar is 'n onderneming gegee dat 'n SEB aandeletransaksie prioriteit aandag sou geniet. Senwes het suksesvol gefasiliteer dat 'n aandeleblok van 27,1% deur sy houermaatskappy, Senwesbel Bpk, aan 'n swart konsortium verkoop is. Die konsortium bestaan uit twee vennote, naamlik die Royal Bafokeng Nation as die hoofvennoot en Treacle Private Equity. Dit was 'n markverwante kontanttransaksie en Senwes het in geen opsig bystand verleen nie. Direksieverteenvoordinging is aan die konsortium toegestaan en die insette en deelname op direksievlak is reeds besig om nuwe geleenthede en strategiese geleenthede te identifiseer. Die oogmerke van die vennootskap is om nuwe markte en geleenthede vir beide te ontsluit.

Senwes het sy eie interne telkaart en beleid aanvaar in lyn met die Kodes vir Goeie Praktijk soos uitgereik deur die Departement van Handel en Nywerheid. Die SEB aandeletransaksie kwalifiseer ten volle en gefokusde aandag word gegee om beter vordering te maak op al die ander elemente van die telkaart. Die doelwit is om die huidige SEB status verder op te gradeer oor die volgende twee jaar.

BEREIKING VAN VISIE

In lyn met ons visie om die mees geadmireerde agribesigheid in Suid-Afrika te wees, erken Senwes dat sodanige bewondering slegs sal realiseer deur die lewering van effektiewe en volhoubare waarde aan al sy belanghebbendes. Dit is 'n holistiese benadering gerugsteun deur 'n besigheidsfilosofie van volhoubaarheid.

Die uitdagings wat die makro-omgewing en die markte aan Senwes stel, is nie uniek nie. In terme van wêreld markte, is Suid-Afrika se landboubedryf ten volle globaliseer terwyl daar op eie bodem ernstige probleme



Japie Grobler
Voorsitter

met mededingendheid ervaar word. Die besondere wyse waarop hierdie uitdagings en geleenthede benader word en die vernuf waarmee dit aangewend word tot voordeel van alle belanghebbendes, moet 'n onderskeidende kenmerk word.

Dit het vir die landbouer strategies meer belangrik geword om marktoegang vir sy landbouprodukte te verkry as om insette te bekom. Die landbouer word op plaasvlak deurlopend genader as die klant van insetverskaffers in 'n gefragmenteerde en hoogs mededingende voorsieningskanaal. Die grootste waardetoevoeging, en ook die blootstelling, lê egter op die gebied van bemarking van sy produkte en die bestuur van prysrisiko. Die langtermynwaarde wat 'n klant van Senwes as sakevennoot kan bekom, lê opgesluit in die ontsluiting van markte ten einde winsgewende afset vir kommoditeite te verseker. Senwes het hierdie uitdaging aanvaar en wesenlike beleggings in intellektuele kapitaal, markintelligensie en ander hulpbronne word ingespan ten einde innoverende oplossings deurlopend aan klante te bied.

Die roete-aanwysers in die verwesenliking van die visie dui dus op volhoubare winsgewendheid, die uitrol van 'n groeistrategie, voortdurende ontsluiting van waarde en die kapitalisering op geleenthede wat swart ekonomiese bemagtiging bied. Vordering hiermee is bevredigend.

BESIGHEIDSOORSIG

Die finansiële jaar tot 30 April 2006 is gekenmerk deur 'n laat seisoen, graanpryse wat op onwingsgewende vlakke verkeer het en gevolglike laer aanplantings. Dié faktore het Senwes en graanprodusente, blootgestel aan 'n uitsers ongewone landboujaar wat nie deur klimaatsomstandighede veroorsaak is nie, maar eerder 'n wilsbesluit van die bedryf as geheel.

Die oorbevoorrading van mielies wat negatief ingewerk het op pryse, is suksesvol afgeweer deur verlaagde aanplantings en die ewewig is herstel. Senwes het op sy beurt, proaktief 'n finansieringstrategie uitgerol om as verantwoordelike sakevennoot, produsente hierin te ondersteun. Produsente is bygestaan om hul afgeskaalde besigheid by die volgende seisoen uit te bring, hul kontantvloei behoeftes te diens en om in die potensiaal van 'n opwaartse graanmark te deel.

As uitvloeisel hiervan het Senwes, soos voorspel is, 'n wesenlike afname in verkope van basiese boerderyinsette ervaar. Die besigheidseenheid van insetverskaffing het wesenlik onderpresteer. Tydige aksies is geneem in die verdere inkorting van handelspunte en kostestruktuur. Dit het nie alleen die impak van die afgeskaalde aanplantings versag nie, maar gee ook 'n beter basis vir 'n winsgewende toekoms.

VERVOLG OP BL. 10

Verslag van die Voorsitter

VERVOLG VAN BL. 9

Die verwagting is dat die toestande in die handelsbesigheid in die komende jaar sal normaliseer.

Marktoegang het goeie resultate opgelewer gedurende die jaar. Die effek van die laer aanplantings beteken laer graanvolumes in die komende jaar wat die resultate onder verdere druk gaan plaas. Ten spyte hiervan, word die effek hiervan normaal geag gesien die totale risiko-profiel van die landbou. Senwes het die vermoë ontwikkel om die uitdagings binne die landbou te deurleef en steeds aanvaarbare resultate te lewer oor die langer termyn.

FINANSIËLE RESULTATE

Opsommend weerspieël die resultate 'n netto wins na belasting van R107 miljoen, positiewe kontantvloei van R215 miljoen en 'n 23%-verhoging in die netto bate-waarde van aandele. Die spesiale dividend van 20 sent per aandeel tesame met die voorgestelde finale dividend van 15 sent per aandeel, bring die totale dividende vir die jaar te staan op 35 sent per aandeel.

GROEISTRATEGIE

Die sakestrategie vir die toekoms behels die groei van Senwes se kernbesigheid, verdere verbetering daarvan en gepaste diversifikasie aangrensend daartoe met behoud en aanwending van bestaande kernvaardighede.

Die kernbesigheid fokus op geïntegreerde oplossings vir landbouprodusente ten opsigte van insetverskaffing en marktoegang. Toekomstige beleggings sal eerder fokus op die skep en behoud van nuwe markte en geleenthede. As deel hiervan word generiese en geografiese uitbreidings deurlopend ondersoek en benut. Samewerking of die vind van koppelvlakke met ander rolspelers in die bedryf maak deel daarvan uit. Innovering saam met graanafnemers is 'n gevestigde praktyk, met relevansie, waarde-toevoeging en gemeenskaplike voordeel as doelwit.

BEDANKINGS

Die toestand waarin die graanbedryf homself bevind het oor die afgelope jaar en die onbestendige effek daarvan op die hele waardeketting het baie druk op alle rolspelers geplaas. 'n Krisis is geneig om innoverende denke en die vind van oplossings te stimuleer. Senwes kon fokus behou en het sy relevansie as sleutelrolspeler gehandhaaf.

Hierdie ingesteldheid het voorgekom vanaf die raadsaal tot op die laagste vlak. Ek vind dit vanjaar gepas om nie my mede-direkteure, Bestuur of enige personeellid uit te sonder nie, maar om my dank uit te spreek aan die span

as geheel en elkeen in die besonder. Volgehoue innovasie met 'n positiewe ingesteldheid het die knoop op besonderse wyse deurgehaak. 'n Besonderse dankie aan ons klante vir hul volgehoue ondersteuning in moeilike omstandighede asook die voortsetting van die vennootskappe wat ons met verskaffers ervaar.

Dit is met dank, erkenning en volle afhanklikheid van ons Hemelse Vader dat ons die talent wat Senwes ontvang het, met Sy seën suksesvol kon aanwend.



Japie Grobler

Voorsitter van die Direksie



"In ons boerdery-onderneming maak dit strategiese sin om primêr te fokus op marktoegang vir ons produkte. Senwes se belangrikste bydrae tot die produsent se sukses, is om marktoegang op 'n mededingende basis te verseker."

– Henry en Jan Potgieter van die plaas Ruspan gesels mieliesake met Arnold Wessels, Graanverkryger.

Marktoegang vir **PRIMÊRE LANDBOUGEWASSE**



Dr Anton Lubbe, Hoofbestuurder: Graan, in gesprek met sy bestuurspan (van links): Jaco Botha (Graanbedryf), Christo Booyens (Graanbemarking) en Wikus Grobler (Graan Finansies en Administrasie).

Die divisie se eenstop diens bestaan uit die hantering en veilige opberging van kommoditeite asook om waardetoevoegende dienste te bied aan klante, afnemers en verwerkers van graan in Suider-Afrika.

Met 'n kapasiteit van 4,6 miljoen ton is sowat 19% van Suid-Afrika se graan en oliesade deur Senwes se 69 sentraal geleë silokomplekse in die huidige jaar opgeberg en gehanteer.



RESULTATE EN STRATEGIE

Die afgelope jaar

Laer opbrengste as verwagte oesskattings het daartoe gelei dat 'n mielie-oes van sowat 18% laer as begroot gerealiseer het. Ten spyte hiervan is 'n aantreklike bedryfswins steeds gerealiseer. Die kapasiteitsbenutting van fasiliteite het 60,43% gedurende die jaar beloop.

In die afgelope jaar het die divisie inwaarts gefokus op effektiwiteit en die versterking van die huidige besigheidsmodel. Besigheidseenhede wat nie na wense presteer het nie, is gerasionaliseer. So is die kwynende grondbonebedryf en Senwes se eie belegging daarin, herevalueer en ná verskeie ingrypende maatreëls, is besluit om die besigheidseenheid te sluit.

Die strategie om verkrygingsaktiwiteite uit te brei na gebiede buite die Senwes-gebied presteer na wense. Graan se verkrygingskantore in Mpumalanga en die Wes-Kaap is gevestig en groei is bewerkstellig terwyl 'n verkrygingskantoor in die Oos-Vrystaat onlangs geopen is.

Deelname aan die breë implementering van voedselveiligheid en -higiëne wetgewing skep die geleentheid dat Senwes se rol as betroubare verskaffer van skoon, veilige en gesonde kommoditeite met integriteit op 'n kwaliteit-basis, aangewend word. Aktiewe deelname aan uitvoere na ander Afrika-lande en deelname aan die Wêreld Voedsel-program vind plaas. Senwes is 'n geregistreerde voedselbesigheidsoperateur wat 'n audit van die Nasionale Departement van Landbou geslaag het, ten einde die groenlig te verkry vir die uitvoer van eerstegraad, GM-vrye graankommoditeite.

Toekomstige strategie en verwagtinge

Die wesenlike laer volumes graan wat verwag word vir die 2006/2007-oes het bepaalde negatiewe invloed op Senwes se korttermyn doelwitte met betrekking tot groeiemoontlikhede. Deurlopende fokus word egter geplaas op produkontwikkeling ten einde addisionele kapasiteitsvestiging te verkry en sodoende die genoemde effek te versag.

Fokus word ook geplaas op die addisionele verkryging van graan, opberging daarvan op deurlopende basis oor die langs moontlike tydperk en beskikbaarstelling aan die mark. Ten einde hieraan te voldoen, sal die bronne en infrastruktuur wat gevestig is, deurlopend in stand gehou word.

Herposisionering van die besigheid vind voortdurend plaas ten einde hoogs mededingend te bly en om aan die verwagtinge van ons klante te voldoen. Die ontwikkeling van 'n administratiewe en bedryfsprotokol vir alle wetsvereistes en spesialiskommoditeite sal vanjaar aandag geniet.

INSETVERSKAFFING



Die span aan die stuur van sake by die Handel divisie (van links): Jaco Kriel (Handel Finansies), Frans du Plessis, Hoofbestuurder: Handel, Jan Coetzee (Kleinhandel) en Sarel Greyling (Meganisasie).

Die verskaffing van insette aan landbouprodusente is een van die kernpilare van Senwes se besigheidsfokus. Ter uitvoering hiervan spesialiseer die divisie in die verskaffing van insetmiddele, algemene boerderybenodighede, meganisasie toerusting, onderdele en dienste, deur 'n goedgevestigde netwerk van 27 winkels en handelspunte.



RESULTATE EN STRATEGIE

Die afgelope jaar

'n Kombinasie van lae graanpryse in die eerste deel van die finansiële jaar en 'n wesenlike afskaling in aanplantings het die tafel gedek vir 'n buitengewone landboujaar wat die Handel divisie moes aandurf. Hierdie elemente het 'n wesenlike negatiewe invloed op die resultate van die meganisasiebesigheid en direkte bemakingseenheid gehad. Ten spyte hiervan het Handel steeds bo verwagting presteer.

Die divisie lewer egter nog nie 'n aanvaarbare opbrengs op belegging nie, met veral die Meganisasie-besigheidseenheid wat swak presteer. Dit kan hoofsaaklik toegeskrif word aan 'n 50%-afskaling in graanaanplantings en die tuimeling van die trekkermark in die droëland produksiegebiede van Suid-Afrika.

Die kleinhandel se netwerk handelswinkels het bô verwagting presteer en 'n positiewe resultaat gelewer. Ten spyte van die afgeskaalde boerderyaktiwiteite het doeltreffende voorraad- en margebestuur tesame met die rasionalisasie van bedryfspunte meegebring dat die besigheidseenheid goed presteer het.

Die rasionalisasie-program is verder gevoer en gedurende die eerste helfte van die tydperk onder oorsig afgehandel. Hierdie optimaliseringsaksies het die Insetverskaffingsdivisie in staat gestel om tot 'n groot mate by die makro landbou-omgewing aan te pas. Die divisie is beter geposisioneer om die veranderde omstandighede die hoof te bied. Hoewel die uitbreiding buite Senwes se tradisionele bedieningsgebied volgens plan verloop, is die primêre doelwit steeds om momentum te behou met die terugwen van marktaandeel in die tradisionele Senwes-gebied.

Daar is ook vanjaar daarin geslaag om 'n uitbreiding van produkreekses gemik op alternatiewe koopkrag – wat buitelewe, besproeiing, die stadsmark en algemene publiek teiken – suksesvol te implementeer. Die nodige infrastruktuur is geskep ten einde aggressief aan die tendermark van die openbare sektor deel te neem.

Die divisie se vergoedingstruktuur is herstruktureer sodat eienaarskap gevestig word, produkkennis toeneem en om klantediens te verbeter.

Toekomstige strategie en verwagtinge

Verwagte terugkeer na normale aanplantings sowel as aanvaarbare kommoditeitsprysvlakke in die komende jaar sal die divisie in staat stel om begrotingsdoelwitte te behaal.

Die ontginning van aanverwante besigheidsgeleenthede behoort eers momentum te vind nadat die finale implementering van die besigheidsmodel wat oor die afgelope

twee jaar uitgerol is, afgehandel is. Die besigheidsfilosofie wat aanvaar is, berus op waardeskepping, vestiging van eienaarskap, bevordering van individuele en groep prestasie sowel as klantetevredenheid. Geskoei op hierdie filosofie behels die strategie om in die eerste plek die aangepaste handelsinfrastruktuur op die doeltreffendste wyse moontlik aan te wend.

Sekere regstellings wat daarop gemik is om die ewewig in die nasionale meganisiemark te herstel, is onafwendbaar. As wesenlike rolspeler is Senwes van voorneme om dié proses te help fasiliteer om sodoende die situasie te normaliseer.

PRODUSENTE FINANSIERING



Ses van die een of 'n halfdosyn van die ander? Gerrit van Zyl, Assistent Hoofbestuurder: Produsente Finansiering (tweede van links), doen 'n paar berekenings saam met sy bestuurspan: Johan Meiring (heel links), Herman Harmzen (staande) en Lukas Meyer.

Met 'n markgerigte diens en kredietkeuringsprosesse asook bemerkings-ondersteuning deur persoonlike besoeke aan klante as basis, ondersteun Produsente Finansiering die Marktoegang- en Insetverskaffingsdivisies met die volgende tipe finansieringsprodukte:

- produksierekenings;
- kontrakgroepakkette;
- huurkoop-ooreenkomste;
- maandrekenings;
- graanfinansieringsrekenings;
- termynlenings; en
- finansiering van die koste van afgeleide instrumente.

RESULTATE EN STRATEGIE

Die afgelope jaar

Ondanks 'n stram landboujaar waarin die behoefte aan produksiekrediet afgeneem het weens 'n drastiese vermindering in hektare wat aangeplant is, het die Produsente Finansiering afdeling steeds verwagtinge oorskry.

Hierdie prestasie is bereik hoofsaaklik weens die beduidende kostebesparings wat as deel van 'n optimalisasie-program bewerkstellig kon word asook die vrugte wat gepluk word weens goeie risikobestuurspraktyke. Gevolglik is die samestelling van die debiteureboek genormaliseer en agterstallige skulde is binne verwagtinge. Oor die afgelope seisoen was die afdeling instrumenteel in die saamstel, bemaking en uitvoering van 'n strategie om klante in staat te stel om hul boerderyondernemings reg te posisioneer ten opsigte van die bestuur van risiko's weens lae kommoditeitspryse. Strategieë om minder

mielies te plant, mielies terug te hou vir bemaking of sogenaamde papiermielies aan te koop eerder as om voluit mielies te produseer, is goed ondersteun deur produsente in die Senwes-gebied. Dit het meegewerk om te verhoed dat grootskaalse uitwinning plaasvind.

Toekomstige strategie en verwagtinge

Produsente Finansiering behoort op 'n baie hoë vlak van doeltreffendheid te funksioneer weens die optimalisering van prosesse, in die vorige finansiële tydperk.

Na verwagting sal besigheid nie net herstel na vlakke van vorige jare nie, maar waarskynlik selfs 'n groei toon. In die komende seisoen behoort aanplantingsvlakke hoër te wees, maar nog nie op die vlak van die 2004/2005-seisoen nie. Daar word verwag dat die gemiddelde produsent meer van vreemde kapitaal op insetkoste per hektaar gebruik sal maak weens die addisionele druk op kontantreserwes ná die afgelope seisoen.

Senwes se Finansieringsdivisie boek is nou goed gestruktureer en gerat vir gesonde groei. Dit sal bereik word deur 'n aggressiewe veldtog te loods om die markaan-deel te verbreed deur middel van ons reeks mededingende finansieringsprodukte en gesonde betrekkinge met klante.

DIVERSE ONDERNEMINGS



Aan die hoof van die Groep se diverse ondernemings is: Roelof Maree (Hartswater Wynkelder), Dawie Barnard (Univision Financial Services) en Piet Kleyn (Senwes Saad).

Die Diverse Ondernemings-portefeulje bestaan uit Senwes Saad en Hartswater Wynkelder. 'n Onlangse toevoeging tot die Groep se diverse ondernemings, is Univision Financial Services (Edms) Bpk en Univision Broker Services (Edms) Bpk.

NYWERHEDE

Senwes het sy nywerhede belange in die Senwesko groep gedurende die jaar vervreem aan twee braaikuiken maatskappye wat wel oor kritiese massa beskik en vir wie dit sinergistiese sin maak.

Daarbenewens het Senwes Saad en Hartswater Wynkelder aantreklike winste gegenereer.

Die afgelope jaar

Ondanks 'n relatiewe klein oes, oorskry Hartswater Wynkelder winsteikens, wat toegeskryf kan word aan kostebesparings en beter prysrealisasie as gevolg van hoër marges wat kleiner verpakkings inhou. Die markskuif na kleiner verpakkings – afdedwing deur wetgewing in die verband – het egter veroorsaak dat 'n laer volume verkoop is as wat begroot is.

Senwes Saad het weer eens uitstekend presteer ondanks die drastiese afname in mieliesaadverwerking weens die drastiese afskaling in aanplantings.

Toekomstige strategie en verwagtinge

As gevolg van die abnormale reën tydens oestyd het die wynkelder 'n klein oes ontvang wat 'n negatiewe invloed op die finansiële resultate van die komende jaar behoort te hê. Om dié impak te verlig, word beplan om 'n groter persentasie wyn in bottels te bemark.

Ondernormale saadverkope in die afgelope seisoen skep 'n situasie waar oordragvoorrade impakteer op die markvereiste van verwerkte saad vir die komende seisoen.

Strategies sal die afdeling se besigheidsfokus dus in die komende jaar verskuif na die verwerking van saad van wintergewasse soos koring, hawer en gars. Onderhandeling met klante ten einde 'n groter deelname aan die mark te bewerkstellig, is reeds afgehandel.

VERSEKERING

Die totstandkoming van Univision Financial Services en Univision Broker Services bring mee dat Senwes se uitgebreide versekering- en finansiële dienste-reeks van vroeg in die nuwe finansiële jaar deur Univision bemark en geadministreer gaan word.

Die afgelope jaar

Senwes Versekering het nie daarin geslaag om begrotingsdoelwitte te realiseer nie, aangesien die afdeling deur beide die landbousiklus en die huidige versekeringsiklus negatief geraak word.

Toekomstige strategie en verwagtinge

'n Nuwe besigheidsmodel is deur die Direksie aanvaar waarvolgens Senwes se versekering- en finansiële dienste-besigheid opgeneem word in Univision Financial Services; 'n versekeringsmakelaarshuis wat ontstaan het weens 'n onafwendbare konsolidasie in die makelaarsbedryf.

Dit behoort by te dra om die versekeringsbesigheid se blootstelling aan die volatiliteit van die landboumark oor die medium termyn te verlaag.

KORPORATIEWE SAKE



Die bestuurspan aan die roer van korporatiewe sake (sittende, van links): Henco de Jager (Menslike Hulpbronne), Corné Kruger (Finansies), Elmarie Joynt (Sekretariaat), Martin van Zyl (Inligtingstegnologie), Joe Maswanganyi (Korporatiewe Dienste). Agter staan André Erasmus (Interne Oudit) en Johan Grobler (Korporatiewe Bemaking).

Sekere administratiewe funksies in Senwes word as korporatiewe dienste hanteer en is nie aan divisies toegedeel nie. Dit skep goeie korporatiewe beheer en ondersteun die kernbedrywighede van die Groep.

Hierdie afdelings behels Direksiekoste, Strategiese Ontwikkeling, Menslike Hulpbronne, Landboudienste, Tesourie, Korporatiewe Finansies, Sekretariaat, Interne Oudit, Korporatiewe Bemaking, Inligtingstegnologie en Hoofkantoor dienste.

RESULTATE EN STRATEGIE

Die afgelope jaar

Korporatiewe kostebesparingsprogramme is vanjaar suksesvol geloods; vernameamlik ten opsigte van IT-koste, sonder om operasionele doeltreffendheid hierdeur in te boet. Verdere realisering van onbenutte bates het ook 'n positiewe resultaat gelewer.

Senwes se 27%-belang in Sentra Beleggings Bpk (voorheen Sentraoes Bpk) is vanjaar uitbestuur en 'n finale dividend is ontvang na die voorlopige likwidasië van Sentra Beleggings. Die na-aftrede mediese voorsiening is aangepas weens 'n verhoging in die voordele toegestaan aan pensioenarisse asook as gevolg van wysigings van sekere aannames waarop die aktuariële waardasie berus.

Toekomstige strategie

Nadat Senwes die afgelope vyf jaar sy Inligtingstegnologie grootliks uitgekонтakteer het, sal die funksie gedurende die komende finansiële jaar weer intern

gevestig word. Dit volg nadat 'n ondersoek aangetoon het dat 'n gedeeltelike inkontrakteringsmodel 'n beter oplossing bied. Dit bied groter aanpasbaarheid en bring ook wesenlike kostebesparing mee.

Regskoste ten opsigte van regsaksies geloods deur Senwes teen PricewaterhouseCoopers (as vorige ouditeure) en vorige bestuurslede sal na verwagting beduidend wees. Ander hofgedinge wat verder gevoer word, is Senwes se eis teen Premier Foods asook die appél teen 'n vorige uitspraak in die hofaksie wat voormalige lede van die Vaalharts Koöperasie teen Senwes voer. Al hierdie genoemde aksies is nog in regsproses.

JJ Dique
Besturende Direkteur



"As jong boer is dit gerusstellend om te weet ons het Senwes, as rugsteun, om ons landbou-insetmiddele te verskaf, met 'n pakket van produkte en dienste wat verdere waarde toevoeg."

– Sakkie Joubert, Insetbemarker, oorweeg produksie-opsies saam met Johan Venter (links), plaas Onserust by Viljoenskroon.

FINANSIËLE OORSIG

Die Groep kan met trots die uitstekende resultaat wat vanjaar behaal is afkondig ondanks die negatiewe toestande wat geheers het. Fokus op kernbedrywe en spesifiek prestasie vanuit die Marktoegangsdivisie het hiertoe bygedra.

Alhoewel die Insetverskaffingsdivisie steeds 'n negatiewe resultaat gerapporteer het, was die prestasie goed as dit teen die 50% laer aanplantings van produsente beoordeel word. Tydige optrede, rasionalisasie en optimalisasieprosesse vanaf bestuurskant, het verhoed dat verliese groter was. Hierdeur is beduidende koste-besparings teweeggebring. Spesifiek die Meganisasie-bedryf was onder druk aangesien dit die inset is waar die produsent eerste en die meeste bespaar tydens druk tye.

Waardeskepping vir die aandeelhouer vorder goed deur pogings wat voortduur om besigheidseenhede elkeen in eie reg lewensvatbaar te maak. Goeie opbrengs is weer eens vanjaar vir die aandeelhouer op sy belegging gelewer. Goeie waardeontsluiting het ook geskied deur beide die spesiale en normale dividende.

GROEPRESULTATE

Die netto wins na belasting van die Groep beloop vanjaar R107 miljoen. Indien die wins wat verlede jaar behaal is (R195 miljoen) aangepas word met die eenmalige wins wat gerealiseer is met die verkoop van die Pionier belegging (R100 miljoen), vergelyk die R107 miljoen goed met verlede jaar se aangepaste R95 miljoen. Op hierdie genormaliseerde basis het winsgewendheid dus gegroei met 13%. Verdienste per aandeel beloop vanjaar 59,2 sent per aandeel wat laer is as verlede jaar se 107,9 sent weens die insluiting van die Pionier transaksie.

Die wesensverdiensle wat hierdie tipe transaksies elimineer het toegeneem met 7,2% vanaf 54,2 sent per aandeel verlede jaar na 58,1 sent per aandeel. Deel van die antwoord van hierdie prestasie is opgesluit in die daling van die kostestruktuur wat duidelik gesien kan word in die daling van ongeveer 8% (R51 miljoen) op die distribusie -, verkoops - en administratiewe uitgawe lyn in die inkomtestaat. Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang was weer eens bokant die normale verwagte opbrengs en het op 16% te staan gekom.

In lyn met die heersende landboustoestande het die voortgesette besigheid inkomste gedaal vanaf R3 727 miljoen na R3 536 miljoen. Verwagtinge is dat die Insetverskaffingsdivisie in die komende jaar sal herstel,

terwyl druk verplaas sal word na die Marktoegangsdivisie weens die laer volume graan beskikbaar.

BALANSSTAAT

Kapitaal en reserwes het toegeneem vanaf R622 miljoen na R683 miljoen. Die eie kapitaal verhouding het ook met 10% verbeter vanaf 43% verlede jaar na 53% vanjaar.

Positiewe en aktiewe balansstaatbestuur asook die volgehoue winsgewendheid van die laaste aantal jare is hiervoor verantwoordelik. Ook merkwaardig is die feit dat hierdie verbetering bewerkstellig is ondanks die uitstekende waardeontsluiting van dividende wat die aandeelhouers ontvang het deurdat R170 miljoen (88 sent per aandeel) se dividende uitgekeer is die laaste drie jaar.

Weens die afskaling van produksie deur produsente het Senwes sy balansstaat met die tendens in die industrie bely en voorraadhouding is teruggesny in die Insetverskaffingsdivisie. Senwes het sy belegging verhoog in sekere tipe debiteure, hoofsaaklik om produsente by te staan met oorbruggingsreëlins asook by wyse van graankontantvoorskotreëlins ten einde die produsent in staat te stel om kontantvloei-behoefes te kon diens maar ook terselfdetyd te deel in die verwagte positiewe prysbewegings met betrekking tot graanpryse. Debiteure het egter in totaal gedaal weens die laer omsette.

Bogenoemde strategie het wesenlik bygedra om die risikoprofiel te verbeter, lewensvatbaarheid van produsente te verseker en sodoende stabiliteit te bring. Senwes het ook 'n groter belegging in graanvoorraad gemaak ten einde te kan kapitaliseer op verwagte positiewe bewegings in die korttermynmark weens die verlaagde aanplantings. Die netto bedryfskapitaalbeweging is egter op dieselfde vlakke as die vorige jaar.

Die netto batewaarde per aandeel het verbeter vanaf die R3,07 verlede jaar gerapporteer (voor die vereiste rekeningkundige standaard wysigings) na R3,77 per aandeel. Dit beteken 'n groei in waarde van 22,8% op die vorige jaar. Deel van hierdie 70 sent groei in netto batewaarde was die waardeskepping wat geskied het deur die

skrapping van die dormante personeelaandeeltrust wat 20,6 miljoen aandele besit het.

KONTANTVLOEI

Die Groep het vanjaar weer eens 'n goeie kontantvloei deur bedrywighede voortgebring deur R232 miljoen te lewer wat baie goed vergelyk met die vorige jaar. Die netto positiewe kontantvloei was R215 miljoen (2005 – R246 miljoen) nadat positiewe kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite van R56 miljoen, hoofsaaklik weens die vervreemding van Senwesko Voere, en positiewe kontantvloei uit langtermynfinansieringsaktiwiteite van R9 miljoen in ag geneem is. Gevolglik kon die netto eksterne rentedraende korttermyn skuld van Senwes vanaf R800 miljoen verlede jaar verminder word na R585 miljoen op jaareinde.

DIVIDENDE

Senwes het gedurende die jaar net na die interim resultaat 'n spesiale dividend van 20 sent per aandeel verklaar en betaal. 'n Finale dividend van 15 sent per aandeel word nou voorgestel (2005 – 5,5 sent). Dit bring die totale dividende vir die jaar te staan op 35 sent per aandeel terwyl daar verlede jaar 47,5 sent betaal is waarvan 10 sent normale dividende was en die restant 'n spesiale dividend.

Normale dividendopbrengs op verhandelingswaarde beloop dus 6% (2005 – 6,1%) terwyl dit in totaal, insluitende die spesiale dividende, 14% (2005 – 29%) beloop.



Steven Alberts
Direkteur Finansies

Verslag van **VOLHOUBAARHEID**



VOLHOUBAARHEIDSHOOGTEPUNTE

- Die finalisering van die SEB transaksie met die Bafokeng Konsortium waarvolgens 27,1% van die gewone aandele in Senwes Bpk aan die konsortium verkoop is.
- Die betaling van 'n spesiale dividend van 20 sent per aandeel.
- Die aanstelling van twee addisionele swart raadslede, waarvan een die eerste dame op die Senwes Direksie is.
- Die vestiging van die Noordwes Krieket-ontwikkelingsprogram in vennootskap met die Noordwes Krieket Assosiasie.

INLEIDING

In lyn met Senwes se visie om die mees geadmireerde agri-besigheid in Suid-Afrika te word, erken Senwes dat sodanige aspirasies slegs sal realiseer deur die lewering van effektiewe en volhoubare waarde aan al sy belanghebbendes. Ten einde sodanige waarde te skep en daarmee vol te hou, het die Maatskappy 'n volhoubaarheidstrategie aanvaar as een van die hoekstene waarop die besigheidsfilosofie van die Maatskappy gebou is.

'n Ingesteldheid van volhoubaarheid is vasgevang in die bestuurspraktyke en omgewings- en sosiale bestuursaspekte het 'n integrale deel van die besigheid geword. Die Maatskappy fokus nou toenemend op pogings om al die belanghebbendes ingelig te hou van ekonomiese, omgewings- en sosiale prestasie en ten einde daarin te slaag, word kapasiteit vir effektiewe bestuur versterk en vind meting en rapportering van sosiale en omgewingsprestasie plaas. Die tendens na groter aanspreeklikheid teenoor al die belanghebbendes kry ook momentum in die organisasie.

SOSIALE PRESTASIE

Werknemer- verhoudings

Senwes se strategiese fokus met betrekking tot werknemers is om te verseker dat die Maatskappy die beste talent lok, ontwikkel, motiveer en behou. Dit behels die skep van 'n bemagtigde omgewing, 'n volhoubare en produktiewe werksmag, organisatoriese bekwaamhede vir die lewering van effektiewe diens aan belanghebbendes, erkenning en beloning van uitblinkers en die verbetering van skakeling en kommunikasie met werknemers.

Senwes is verbind tot goeie werknemer- verhoudings en skep ruimte vir vryheid van assosiasie in die werksplek en verseker dat geen onregverdigde diskriminasie plaasvind nie. Die Maatskappy neem ook deel in die Bedingingsraad vir die Graanbedryf. Vakbonde verteenwoordig laer posgraad werknemers en onderhandelings met betrekking tot vergoeding en diensvoorwaardes vir hierdie bedingingseenheid vind plaas op hierdie forum.

Geen industriële aksie het vanjaar plaasgevind nie en die effek van nasionale wegbly-aksies was uiters beperk. Daar was geen ernstige massa industriële aksie die afgelope 14 jaar nie, wat as bewys dien dat die Maatskappy sterk fokus op gesonde werknemer- verhoudings.

Meganismes en prosedures is in plek om griewe en dissiplinêre maatreëls te hanteer en die Maatskappy het 'n zero verdraagsaamheidsbenadering ten opsigte van kriminele aktiwiteite in die werksplek. Beleide wat aan werknemers gekommunikeer word, het te doen met besigheidsetiek, algemene diensvoorwaardes en voordele.

Senwes is verbind tot die nakoming van alle relevante wetgewing wat 'n impak op sy menslike hulpbronne het.


Relevante aspekte word ook in die Maatskappy se persoonelbeleid hanteer. Gereelde inspeksies deur die Departement van Arbeid by verskillende bedryfspunte is gedoen en daar is bevind dat Senwes aan die betrokke wetgewing voldoen.

Gelyke Indiensneming


As deel van 'n visie om die werksmag te diversifiseer en 'n bydrae te lewer tot die nasionale transformasie inisiatief, het Senwes strategiese doelwitte gestel ten opsigte van gelyke indienseeneming, wat swart ekonomiese bemagtigingsdoelwitte inkorporeer.

'n Gelyke Geleentheids Forum is gestig om werknemers te betrek in hierdie verband en om vaardigheidsontwikkelingsaspekte aan te spreek.

Werksmagverspreiding



Totale werksmagverspreiding per ras en geslag



Totale werksmag

Arbeidsbeplanning en -werwing


Senwes is bewus van toenemende kompetisie in die markplek vir gekwalifiseerde en talentvolle mense. Senwes streef daarna om bekwaame mense te lok en te behou ten einde waarde toe te voeg tot die sukses van die Maatskappy. Daar word gefokus om op innoverende wyses menslike hulpbronne te ontwikkel. Met inagneming van die werknemers se strewe na

VERVOLG OP BL. 24

Verslag van volhoubaarheid


VERVOLG VAN BL. 23

Werksmagverspreiding op basis van ras, geslag en Patterson gradering



loopbaangroei en -geleentheid, lok en ontwikkel Senwes mense, nie net vir spesifieke posisies nie, maar ook vir veelvuldige loopbaangeleentheid en verlangde bevoegdheid. Hierdie kandidate word nasionaal gewerf, maar veral ook vanuit die landelike gebiede.

Aanstellings



Aanstellings vir die periode Mei 2005 tot April 2006

Senwes is verbind tot transformasie deur die aanstelling van persone uit die aangewese groepe. 69% van alle eksterne aanstellings wat hierdie jaar gemaak is, was vanuit die aangewese groepe. Die Maatskappy sal aanhou om daarop te verbeter gedurende die volgende finansiële jare.

Menslike Hulpbronne Ontwikkeling

Daar is groter bewustheid in Senwes van die feit dat die vlak van vaardigheid van personeel een van die belangrikste beslissende faktore is vir die langtermyn sukses om ons visie, missie en strategiese doelwitte te laat realiseer. Vaardigheidsontwikkelingsplanne is in plek, gebaseer op die kort-, medium- en langtermyn besigheidsdoelwitte van die Maatskappy, sowel as toekomstige aspirasie vir die ontwikkeling van elke werknemer. Klem word ook geplaas op die ontwikkeling van kandidate uit voorheen benadeelde groepe.

Vaardigheidsontwikkelingsbesteding het verhoog tot 0,83% van die totale betaalstaat en die doelwit vir die komende finansiële jaar is 1,5% van die betaalstaat. Opleidingskoste vir die verskillende aangewese groepe sowel as die opleidings man-dae vir die afgelope jaar word weergegee in die grafiek op bl. 25.

Leierskapontwikkeling


Senwes het 'n leierskapontwikkelingsprogram geïmplementeër die afgelope jaar, wat gemik was op die ontwikkeling van generiese leierskap- en mensbestuursvaardighede op drie verskillende vlakke in die organisasie. Gemelde program bied 'n unieke geleentheid vir persoonlike groei en ontwikkeling op verskeie vlakke. 'n 360°beoordeling deur kollegas en toesighouers om moontlike ontwikkelingsareas van kandidate te bepaal, is gedoen, wat ingesluit is by 'n persoonlike ontwikkelingsplan. Hierdie aspekte is aangespreek binne die konteks van die kultuur en klimaat van die organisasie, by wyse van 'n gestruktureerde leerprosessedule oor 'n tydperk van 12 maande.

'n Uitvoerende leierskapontwikkelingsprogram is geformuleer vir die volgende finansiële jaar, wat spesifiek fokus op strategiese leierskap, veranderingsbestuur en mensbestuursvaardighede van die senior bestuur van die organisasie, gekoppel met die bestuursontwikkelingsprogram wat gemik is op die versterking van die funksionele bestuursvaardighede van middelbestuur.

Leerlingskappe

Senwes het afgeskop met sy betrokkenheid in leerlingskapprogramme met die registrasie van 37 leerders wat reeds in diens van Senwes is, in een van sy kern besigheidsterreine. Na intense opleiding van gemelde leerders ten opsigte van die tegniese aspekte van graanhantering, word die fokus nou verskuif na die opleiding en beoordeling van hierdie groep in die fundamentele modules.

Opleidings man-dae en koste van opleiding



18 nuwe leerders is onlangs geïdentifiseer vir registrasie vir toepaslike leerlingskappe binne die Handeldepartement en is reeds bekendgestel aan die leerlingskapproses asook die vereistes deur middel van 'n leerlingkap implementeringswerkwinkel. Die leerlingkapprojek sal ook uitgebrei word na geregistreerde leerlingskappe in ander sektore soos die finansiële en versekeringssektor, sowel as die insluiting van werklose leerders.

Arbeidsomset

Die arbeidsomset vir die Groep die afgelope jaar was 11,1% en 11,35% vir Senwes. Die vergelykende syfers

volgens die Nasionale Vergoedingsopname was 12,07%. Dit is 'n doelwit om hierdie syfer te verlaag na 'n vlak onder 9% vir die komende finansiële jaar.

Voorkeur Werkgewer

Dit is deel van Senwes se visie om 'n voorkeur werkgewer te word. Daar word daarna gestreef om te verseker dat die Maatskappy te alle tye 'n opwindende, bemagtigende en veilige werksomgewing, loopbaan en ontwikkelingsgeleenthede, leierskap sowel as uitstekende vergoeding vir uitstaande prestasie, bied. In hierdie verband is 'n multi-fase besigheidsbelyningsprojek geloods, met die doel om die besigheidsomgewing en werknemers



Verslag van volhoubaarheid

VERVOLG VAN BL. 25

te belyn met die visie, missie, strategieë, waardes en korporatiewe kultuur en om betrokkenheid by die werknemers te verbeter. 'n Groep fasiliteerders, verteenwoordigers vanuit verskeie besigheidseenhede, vlakke en kulture, is opgelei as handelsmerkadvokate, ten einde alle werknemers op alle vlakke betrokke te maak by bespreking en die identifisering van kritiese aspekte wat werknemers kwel.

Die Maatskappy neem deel aan onafhanklike eksterne opnames wat betrekking daarop het om 'n voorkeur werkgewer te wees.

Beursskema en studielenings

'n Uitstekende beursskema is beskikbaar om kandidate uit voorheen benadeelde groepe in staat te stel om hul kwalifikasies te verbeter. Na suksesvolle voltooiing van die studies, word werk aan die student gebied in plaas daarvan dat hy sy studiekoste terugbetaal. 'n Studieleningskema is ook beskikbaar vir werknemers om hul kwalifikasies te verbeter en studies te bevorder.

Vergoedingsfilosofie

Die doel van vergoeding is om talentvolle en uitstekend-presterende personeel te lok, te behou, te motiveer en te vergoed, ten einde die Groep se strategiese doelwitte te bereik. Senwes se filosofie is om volhoubare langtermyn prestasie aan te moedig, wat deurlopend in lyn is met die strategiese rigting en doelwitte van die besigheid.



[26]

Riglyne

- Om sensitiviteit en objektiviteit in die bepaling, beoordeling, monitering en goedkeuring van vergoedingsvlakke aan die dag te lê. Verder word toegesien dat die vergoeding van werknemers regverdig, markverwant en kompetender is, gebaseer op toepaslike metingsnorme en terselfdertyd word verseker dat die opwaartse beweging van vergoedingsvlakke in lyn is met die ooreenstemmende verbetering in prestasie;
- om te verseker dat 'n aansienlike persentasie van die potensiële maksimum vergoeding gebaseer is op beide kort- en langtermyn prestasie;
- om die geleentheid te skep dat totale vergoeding in die boonste kwartiel van die mark en vergelykbare groepe lê indien uitstekende prestasie gelewer word, terwyl die gewaarborgde elemente deurgaans gemeet word teen toepaslike mediaanvlakke;
- om te verseker dat insentiewe betaal word uit groei in aandeelhouderswaarde en dat daar derhalwe geen insentief kan wees waar geen waarde gegenereer word nie; en
- om hoofsaaklik gebruik te maak van gemete en gestelde doelwitte om die prestasieverwante vergoeding te bepaal, sodat die aandag gefokus kan word op die belangrikste drywers van aandeelhouderswaarde.

Vergoedingstrategie en -doelwitte

- Om die regte talent te lok en te behou;
- om 'n kultuur van goeie prestasie te skep;
- om uitkomsgebaseerde gedrag te bevorder;
- om langtermyn fokus te bevorder wat volhoubare prestasie verseker; en
- om individuele, span- en korporatiewe prestasie te beloon.

Vergoedingsbeleid en -strukture

Die Groep se vergoedingsbeleid en -struktuur het drie komponente wat ontwerp is om korttermyn- en langtermyn doelwitte te balanseer. Die vergoedingsportefeulje word opgemaak uit 'n gewaarborgde gedeelte, korttermyn insentiewe en langtermyn insentiewe vir die Uitvoerende Bestuur. Laasgenoemde twee elemente het ten doel om die belange van Bestuur en die Uitvoerende Bestuur in lyn te bring met die belange van die aandeelhouders. Die vergoedingsbeleid is ten volle geïntegreer met ander bestuursprosesse soos prestasiebestuur, talentbestuur, opvolgbeplanning en die Groep se oorhoofse menslike hulpbronnebeleid.

Gesondheid, Veiligheid en Welstand

Senwes glo dat die welstand van sy personeel een van die sleutelemente vir 'n produktiewe en volhoubare werksmag is. Senwes strew na die instandhouding van

'n omvattende werknemer welstandsprogram wat verskeie aspekte van gesondheid aanspreek, by wyse van bewusmakingsprogramme. Werknemers word ook ingelig oor die risiko's verbonde aan HIV/VIGS en ander siektetoestande soos diabetes, hipertensie, hitteverwante siektetoestande en oorgewig. Alhoewel die klem op bewusmaking en die verskaffing van inligting is, is suksesvolle diagnostiese veldtogte geloods om die teenwoordigheid van aanduiders van gesondheidsrisiko's soos hipertensie en bloedsuikervlakke te identifiseer. Een van die hoofdoelwitte van die welstandsprogram is om 'n sin van persoonlike verantwoordelikheid vir gesondheid te bevorder en te verseker dat werknemers 'n proaktiewe en verantwoordelike siening inneem ten opsigte van hul gesondheid.

Die Groep se veiligheidstrategie en -maatreëls is gedurende die jaar in oënskou geneem, wat ten doel gehad het om te verseker dat die hoogste veiligheidsstandaarde toegepas word in ooreenstemming met die verskillende veiligheidsprotokolle en beste praktyke. Die eerste fase het die brandrisikobeoordeling behels, sowel as nood ontruimingsmaatreëls. Hierdie proses het gelei tot die ontwikkeling van 'n meer effektiewe gesondheids- en veiligheidsbestuurstrategie.

Opleidingsprogramme is aangebied vir veiligheidsverteenwoordigers met betrekking tot die hersiene nood- en ontruimingsprosedures. Voldoeningsoudits is ook gedurende die jaar gedoen.

Gedurende die jaar onder oorsig het 46 ongeskiktheidsbeserings voorgekom, vergeleke met 53 in 2005. Hierdie beserings het 486 verlore man-dae tot gevolg gehad, vergeleke met 629 in 2005. Deurlopende pogings word aangewend om die voorkoming van beserings aan diens sowel as om die verlore man-dae te verminder.

Voorsiening van Pensioenvoordele

Alle permanente werknemers het die opsie om by te dra tot 'n voorsorg- of pensioenfonds. Die lede van die pensioenfonds (Senwes Pensioenfonds) het besluit om oor te skakel na die Wizard Universal Umbrella Fund vanaf 1 Mei 2005. Die Trustees van die Senwes Pensioenfonds is verantwoordelik vir die finalisering van die verdeling van die surplus in terme van relevante wetgewing ten opsigte van die Senwes Pensioenfonds.

Prestasiebestuur

As deel van die algehele korporatiewe prestasiebestuursprogram, wat ten doel het om individuele prestasie met algehele korporatiewe prestasiedoelwitte te belyn, word individuele prestasiebestuur toegepas, gemik op die beoordeling van werknemerprestasie teen voorafgestelde

prestasiestandaarde en posvereistes, sowel as die identifisering van ontwikkelingsbehoefte van individue.

Erkenning aan Werknemers

As deel van Senwes se strategie om erkenning en vergoeding te gee aan werknemers vir uitstaande prestasie, het die jaarlikse werknemer prestasietoekennings 'n hoogtepunt op die Senwes korporatiewe kalender geword. By hierdie glansgeleentheid word wenners van verskeie kategorieë aangekondig en ontvang hulle toekennings. Beste presteerders word gekies uit 15 kategorieë, waar spesifieke en meetbare prestasiekriteria gebruik word om genomineerdes te evalueer.

KORPORATIEWE SOSIALE BELEGGING

Omdat die Maatskappy hoofsaaklik besigheid in die landelike gebiede doen, is Senwes se sosiale ontwikkelingsinisiatiewe gemik op sosio-ekonomiese opheffing van landelike gemeenskappe. Ondersteuning word gebied vir die suksesvolle vestiging en ontwikkeling van opkomende swart boere. In die proses word gefokus op skakeling met alle relevante rolspelers, plaasbeplanning en die verskaffing van insetmiddele, finansiering, marktoegang en fasilitering van toepaslike opleiding. Die Landboudienste-afdeling het reeds 'n impak gemaak op kapasiteitsverskaffing deur 230 beginnerboere met tegniese raad te bedien. Inligtingsessies en boeredae wat inligting verskaf oor die produksie van graan en lewende hawe word gereeld regdeur die Senwes bedieningsgebied gehou. Senwes verskaf ook inligting en advies aan komersiële boere wat hul werknemers wil bemagtig deur middel van swart bemagtigingsprojekte.



Verslag van volhoubaarheid

VERVOLG VAN BL. 27



Samewerking met die Departement van Landbou en die Departement van Sosiale Ontwikkeling verseker dat tegniese ondersteuning met betrekking tot groenteproduksie beskikbaar is vir gemeenskapsprojekte en plaaslike skole.

Borgskappe

Senwes se doelwit in terme van borgskappe is om die beeld van die Maatskappy uit te bou en daardeur 'n bydrae tot die winslyn te lewer. Gedurende die jaar onder oorsig is hoofsaaklik daarop gefokus om die belangrikste landboukongresse, jongboerkongresse en boere-unies binne die Senwes bedieningsgebied te borg.

Donasies het ten doel om die gees van sosiale belegging te ondersteun en sluit die volgende in:

- welsynsorganisasies;
- fondsinsameling vir die Stilfontein DRD aardskuddingstrategie;
- DBV – vir diere in nood; en
- voerdonasies aan kliënte wat al hul weiding verloor het weens veldbrande.

Die konsep van positiewe transformasie en die bou van 'n nasie bly die middelpunt van al ons Korporatiewe Sosiale Beleggings-aktiwiteite.

SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING

Senwes bedryf besigheid in die landbousektor en is derhalwe deel van die Agri-SEB handves. Die handves is nog nie gefinaliseer nie. Sodra die handves gefinaliseer en deur die minister gepromulgeer is, sal die nodige aanpassing en belyning met die Agri-SEB handves gedoen word.

Die tabel op bl. 29 verteenwoordig Senwes se SEB telkaart volgens die nuutste doelwitte van die Kode van Goeie Praktyke uitgereik deur die Departement van Handel en Nywerheid. Die kode wat bekend gestel is, het doelwitte sowel as addisionele kriteria verhoog.

Die het tot gevolg gehad dat Senwes se gestelde doelwitte gewysig moes word ten einde in lyn te wees met die kode. Volgens die telkaart is Senwes 'n Vlak 7 bydraer tot SEB. Daar word voortgegaan met die implementering van die SEB transformasieplanne en die doelwit is om na 'n hoër vlak te beweeg gedurende die volgende finansiële jaar. Die telkaart is deur 'n bekende verifiëringsmaatskappy geverifieer.

SEB Telkaart Prestasie en Toekomsstrategie

SEB ELEMENT	DOELWIT	PRESTASIE
Ekwiteits-eienaarskap	Om 'n ekwiteitstransaksie met 'n SEB vennoot te sluit.	Die verkoop van 27,1% van die ekwiteitseienaarskap van Senwes aan die Bafokeng Konsortium.
Bestuursbeheer	Om die aantal swart raadslede te verhoog in verhouding tot die ekwiteitstransaksie.	Die verteenwoordiging van swart mense is verhoog vanaf 8% na 20%, en die eerste swart vrou is op die raad aangestel.
Gelyke Indiensneming	Om die aantal swart werknemers op alle vlakke van die organisasie te verhoog.	Die aantal swart persone op bestuur is verhoog vanaf 2% na 6%.
Vaardigheidsontwikkeling	Om die bestek van die Silo Akademie te verbreed na ander besighedsaktiwiteite van die Groep.	Die vestiging van die leierskapsontwikkelingsprogram as deel van die uitbreiding van die Silo Akademie.
Voorkeur-verkryging	Om die verkrygingvlak vanaf swart besighede of swart bemagtigde besighede te verhoog.	Senwes het sy SEB verkryging verhoog na 20,5% van die totale verkryging vir die afgelope finansiële jaar.
Ondernemingsontwikkeling	Om programme wat die ontwikkeling van swart Klein/Medium Ondernemings bevorder, te vestig.	Verskaffing van tegniese diens aan 230 opkomende boere.
Sosiale Ontwikkeling	Om vennootskappe met plaaslike ontwikkelingsorganisasies met betrekking tot gesondheid, sport, ondernemingsontwikkeling en opvoedingssektore te vestig.	Senwes borg 'n krieket ontwikkelingsprogram in vennootskap met Noordwes Krieket. Die program is gemik op landelike primêre en plaasskole in gebiede in die Noordwes provinsie en die Vrystaat.

SEB Telkaart

Element	Gewig	Telling
Ekwiteit Eienaarskap	20%	20,78
Bestuursbeheer	10%	2,77
Gelyke Indiensneming	10%	0,83
Vaardigheidsontwikkeling	20%	8,68
Voorkeurverskaffing	20%	5,76
Besighedsontwikkeling	10%	1,85
Sosiale Ontwikkeling	10%	2,06
Totaal	100%	42,73

Monitering geskied gereeld by vulstasies en dieselferspreidingsfasiliteite. Afvalpapier gebruik en herwin, het sowat 39 669 kg beloop.

Landbou-omgewing

Volhoubare landbouproduksie is nou verweef met die verantwoordelike en optimale gebruik van natuurlike hulpbronne. Senwes is derhalwe betrokke by verskeie aktiwiteite wat verband hou met oesskattings, grondpotensiaalbeplanning en chemiese analises. Sowat 25 000 hektaar plaasgrond is reeds gekarteer, geklassifiseer en monsters is geneem gedurende die jaar onder oorsig.

Deur alle belanghebbendes van Senwes te voorsien van gespesialiseerde landboukundige raad ten einde hul besighedsrisiko's te verminder en uitsette te optimaliseer, het Senwes 'n waardevolle bydrae gelewer tot die landbougemeenskap. Deur direkte intervensie (voorleggings, besoeke aan plase en by kantore), is sowat 5 200 kommersiële en ontwikkelende boere voorsien van inligting en advies gedurende die afgelope finansiële jaar.

Voedselsekureit

Senwes gaan voort met die daarstelling van voortreflike kwaliteitsmaatreëls ten einde voedselsekureit te verseker, sowel as voldoening aan die HACCP – 'n program wat voedselrisiko's en -gevaare identifiseer. Senwes is 'n geregistreerde voedselbesighedsoperateur wat deurlopend voldoen aan die relevante standaarde vir die veilige uitvoer van eerste graad, GMO-vrye graanakkommoditeite in sy silo's.

OMGEWINGSVOLHOUBAARHEID

Senwes as agri-besigheid verstaan dat volhoubare groei ook afhanklik is van omgewingsvolhoubaarheid. In hierdie verband word die impak van die besighedsaktiwiteite op die omgewing deurgaans gemonitor.

Energie- en Waterverbruik

	Verbruik
Water	238 097 kl
Elektrisiteit	25 229 145 kW/u
Stoom	57 601 ton
Steenkool	3 514 ton
Sonneblomdoppe	10 591 ton

Bestuur van Afloopwater

Senwes monitor die suiwerheid van afloopwater by alle silo's ten einde risiko's te verminder vir mens en diere.

Verslag van **KORPORATIEWE BEHEER**

Korporatiewe beheer in Suid-Afrika word geregleer deur die King verslag oor korporatiewe beheer ("King II") en maak voorsiening vir aangeleenthede rakende die Direksie, aanbevelings oor die samestelling van 'n direksie, finansiële verslagdoening, interne oudit, nie-finansiële aangeleenthede, nakoming en risikobestuur.

King II maak voorsiening vir die beste praktyke in die bestuur en in die manier waarop 'n maatskappy beheer word en vereis van genoteerde maatskappe om nako-ming te rapporteer of te verduidelik. Ten spyte van die feit dat Senwes nie 'n genoteerde maatskappy is nie, onderskryf Senwes as verantwoordelike korporatiewe burger die beginsels van King II en verduidelik sy eie nakoming hieronder:

SAMESTELLING VAN DIREKSIE

Die Senwes Direksie is saamgestel uit uitvoerende, nie-uitvoerende en onafhanklike nie-uitvoerende direkteure. Alhoewel die aanbevole riglyn is dat minstens die helfte van die direksie uit onafhanklike nie-uitvoerende direkteure behoort te bestaan, bestaan die Direksie tans uit tien nie-uitvoerende direkteure, drie uitvoerende direkteure en twee onafhanklike nie-uitvoerende direkteure. Tans bestaan 20% van die Direksie uit swart direkteure.

Gedurende die jaar onder oorsig is twee nie-uitvoerende direkteure genomineer deur die Bafokeng Konsortium. Dinao Lerutla (alternatief Lucas Ndala) en Jacob Mashike (alternatief Konrad Fleischhauer), is aangestel vanaf 16 Februarie tesame met hul alternatiewe direkteure. Volledige besonderhede van die direkteure verskyn op bladsye 6 en 7.

Prosedures vir die aanstelling van raadslede is formeel en deursigtig en word vervat in die statute van die Maatskappy. Die Standaardekomitee, soortgelyk aan 'n nominasiekomitee, is reeds in 2003 gekonstitueer en bestaan uit drie nie-uitvoerende direkteure.

Die direkteure se ampstermyn strek oor drie jaar. Die hervverkiesing van direkteure geskied op 'n rotasiebasis om kontinuïteit op die Direksie te verseker deurdat slegs

een derde van die direkteure moet uittree. Uittredende direkteure is hervverkiesbaar.

DIREKSIEVERGADERINGS

Die Direksie vergader ten minste ses keer 'n jaar ten einde bedryfsaspekte van die Groep, strategiese aangeleenthede, besigheidsplanne, begrotings en ander wesenlike aspekte te oorweeg.

Die Direksie word tydig en met relevante inligting voorsien, sodat direkteure volledig kan voorberei en ingeligte besluite kan neem. Direksiestukke word ten minste sewe dae voorafgaande die vergadering aan direkteure versprei. Direkteure word ook maandeliks van bedryfsverslae voorsien, ten einde hulle op hoogte te hou van sake van die Groep.

Die Direksie, via die Oudit- en Risikokomitee, oorweeg gereeld die Groep se prosesse en prosedures en doen die nodige hersiening ten einde die effektiwiteit van die interne kontrolesisteen te verseker. Akkuraatheid van verslagdoening word deurlopend verseker.

Gedurende die jaar is elf direksievergaderings, insluitende strategiese sessies, gehou en die bywoning van vergaderings is uiteengesit in die tabel op bl. 31.

KUNDIGHEID EN TAAK

Daar word van die Direksie verwag om deurentyd op hoogte van die sake van die Groep te wees en gevolglik word opleiding en oriënteringsprogramme aangebied. Temas van sodanige sessies word vooraf bepaal en vier sessies het die afgelope jaar plaasgevind wat onder andere gefokus het op swart ekonomiese bemagtiging, handel in aandele waar pryssensitiewe inligting bestaan, mededingingskwessies en Internasionale Finansiële Verslagdoening Standaard.

Direksievergaderings

Naam van direkteur	24/05/2005	23/06/2005	22/07/2005	25/08/2005	31/08/2005	27/10/2005	15/11/2005	01/12/2005	16/02/2006	15/03/2006	27/03/2006
Nie-uitvoerend:											
JE Grobler	✓	-	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
JDM Minnaar	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
JPL Alberts	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
JP Botma	✓	✓	✓	-	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
JA E Els	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	-	✓	✓	✓
DM Lerutla (lid sedert 16/02/2006)	-	-	-	-	-	-	-	-	✓	✓	-
MJ Lourens	✓	✓	✓	-	✓	✓	✓	✓	✓	✓	-
GNV Magashula	✓	✓	-	✓	✓	✓	-	✓	-	✓	-
J Mashike (lid sedert 16/02/2006)	-	-	-	-	-	-	-	-	✓	✓	✓
JA Mostert	✓	✓	✓	✓	✓	-	✓	✓	✓	✓	✓
JD Shahim	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
WH van Zyl	-	✓	-	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Uitvoerend:											
JJ Dique	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
SH Alberts	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
F Strydom	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓

Dit is die taak van die Direksie om strategiese leierskap te verskaf waarna prestasie ook deurlopend gemonitor word by direksievergaderings. Die Direksie het voorts deurlopend onbeperkte toegang tot inligting en tot Bestuur. Gedetailleerde operasionele bestuursstate word ook maandeliks voorsien.

Voorts verseker die Direksie dat die Groep alle betrokke wette, regulasies en gestelde beleide nakom en as deel van die risikobestuursproses word nakoming gereeld gerapporteer. Geen wesentliche leemtes is gedurende die jaar geïdentifiseer nie.

Die Direksie het 'n formele grondwet aanvaar wat die rol van die Direksie asook die Bestuur uiteensit. As deel van beheer oor die Groep identifiseer die Direksie duidelike vlakke van wesentlikheid en reserveer sekere magte vir hulself terwyl ander na Bestuur gedelegeer word. Daar is ook formeel 'n omvattende delegasie van magte dokument aanvaar en goedgekeur.

As deel van die Direksie se grondwet het die direkteure via die Maatskappysekretaris toegang tot onafhanklike, professionele advies op die Maatskappy se koste.

Die Direksie is verantwoordelik vir die totale proses van risikobestuur en verseker dat sodanige proses effektief is. Sien bl. 36.

As deel van die Direksie se taak om ook nie-finansiële aspekte te identifiseer en te monitor word korporatiewe sosiale belegging asook aspekte rondom swart ekonomiese bemagtiging as deel van die Maatskappy se strategie en besigheidsplanne deurlopend bestuur en geopenbaar. Veiligheid, gesondheid en omgewingsaspekte word as deel van die risikobestuursproses hanteer en word maandeliks aan die Direksie en Bestuur gerapporteer.

Die Direksie het ook deurentyd oorweeg of die Maatskappy sal voortgaan as 'n lopende saak vir die afsienbare toekoms. Die aannames waarop voormelde berus, is op rekord geplaas en genotuleer.

As deel van kommunikasie en deurlopende gespreksvoering met die aandeelhouders word spesiale besluite wat voorgelê word aan aandeelhouders by die jaarlikse algemene vergadering vergesel van 'n verduideliking van die redes en uitwerking van sodanige besluit. Alle direkteure, insluitend die voorsitters van direksiekomitees, woon die algemene jaarvergadering by.

PRESTASIE VAN DIE DIREKSIE

Die Voorsitter van die Maatskappy is 'n nie-uitvoerende direkteur. Die rol van die Voorsitter en Besturende Direkteur is geskei.

VERVOLG OP BL. 32

Korporatiewe beheer

VERVOLG VAN BL. 31

Die Direksie beoordeel die prestasie van die Voorsitter en die Direksie as geheel en dit word jaarliks deur die Standaardekomitee beoordeel.

Die Direksie se Menslike Hulpbronnekomitee beoordeel jaarliks die prestasie van die Besturende Direkteur teenoor vooraf goedgekeurde doelwitte vir elke finansiële jaar.

In terme van die direksiegrondwet word direkteure aangemoedig om ander direkteurskappe te hou.

VERGOEDING

Die Menslike Hulpbronnekomitee, wat bestaan uit 'n meerderheid nie-uitvoerende direkteure en waarvan die voorsitter ook 'n nie-uitvoerende direkteur is, opereer binne 'n skriftelike mandaat. Sien bl. 35.

Die Maatskappy se vergoedingsfilosofie -en beleid word openbaar gemaak op bl. 26.

Uitvoerende direkteure het tans drie-jaar vaste termyn kontrakte en maak prestasie gebaseerde vergoeding die grootste gedeelte van uitvoerende direkteure se totale vergoedingspakette uit.

Die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure word jaarliks aan die algemene jaarvergadering voorgelê vir goedkeuring, maar word ook aanbeveel deur die Menslike Hulpbronnekomitee in Oktober van elke jaar, waarna die Direksie 'n besluit daaroor neem. Ten einde die Direksie te vergoed vir die verantwoordelike taak wat hul moet volvoer as trustees van die belange van die Maatskappy, is die vergoeding, soos per onderstaande tabel, gedurende die jaar aan die individuele direkteure betaal.

DIREKSIEKOMITEES

Direksiekomitees staan die Direksie by in die uitvoering van sy pligte. Die Direksie het reeds geruime tyd vier komitees in plek, naamlik die Ouditkomitee, Menslike Hulpbronnekomitee, Risiko-komitee en Standaardekomitee. Besonderhede van die werksaamhede van hierdie komitees verskyn later in hierdie verslag. Al hierdie komitees het 'n duidelike mandaat en die voorsitter van sodanige komitee is 'n nie-uitvoerende direkteur. Komitees doen by direksievergaderings verslag aan die Direksie en is ingevolge hulle mandate gemagtig om professionele, onafhanklike advies in te win wanneer sodanige behoefte ontstaan.

Vergoeding van direkteure

Naam van direkteur	Maande in diens gedurende die jaar	As direkteur R'000	Komitees R'000	Bestuurs-dienste R'000	Bonusse R'000	Ander toelaes R'000
Nie-uitvoerend:						
JE Grobler	12	246	26	-	-	26
JDM Minnaar	12	173	37	-	-	33
JPL Alberts	12	112	28	-	-	36
JP Botma	12	99	8	-	-	11
JA EIs	12	99	4	-	-	28
DM Lerutla	2	8	6	-	-	2
MJ Lourens	12	99	14	-	-	11
GNV Magashula	12	112	4	-	-	16
J Mashike	2	10	-	-	-	10
JA Mostert	12	99	28	-	-	17
JD Shahim	12	99	14	-	-	20
WH van Zyl	12	99	30	-	-	30
Uitvoerend:						
JJ Dique	12	173	48	2 443	3 461	34
SH Alberts	12	99	40	1 377	1 618	19
F Strydom	12	99	28	1 526	2 082	52


HANDEL IN AANDELE EN ANDER BESIGHEIDSBELANGE

Die Maatskappy het 'n beleid gevestig vir die handel met die Maatskappy en sy houermaatskappy se aandele in sekere tye. Verhandelings is gesluit vir direkteure gedurende verskeie periodes binne 'n jaar en die normale geslote tye strek vanaf een maand voor jaareinde of een maand voor halfjaar tot en met publikasie van die toepaslike finansiële resultate. Hierdie beleid is hersien en aangepas in die lig van nuwe wetgewing in die verband.

Die Sekretaris van die Maatskappy hou 'n register van belange van direkteure by soos vereis ingevolge die Maatskappywet. Benewens lenings aan sommige direkteure, wat ook klante is, as bona fide-transaksies in die gewone loop van besigheid van Senwes se Produsente Finansiering-afdeling, beskik van die direkteure ook oor ander belange.

Die belange behels die aandeelhouding in die Maatskappy en die stand van sodanige belange word hieronder uiteengesit.

Die geslote verhandelingsperiodes het soos volg verloop:



Aandeelhouding van direkteure in die Groep

Naam van direkteur	2006				2005			
	Senwes		Senwesbel		Senwes		Senwesbel	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
Nie-uitvoerend:								
JPL Alberts	-	0,00%	48 681	0,06%	-	0,00%	48 681	0,05%
JE Grobler	239 722	0,13%	2 023 667	2,42%	114 694	0,06%	1 922 738	2,17%
JP Botma	136 429	0,08%	454 094	0,54%	136 429	0,07%	454 094	0,51%
JP Botma (Indirek)	17 969	0,01%	27 557	0,03%	17 969	0,01%	27 557	0,03%
JAE Els	25 045	0,01%	500 000	0,60%	1 245	0,00%	807 864	0,91%
MJ Lourens	43 848	0,02%	128 118	0,15%	43 848	0,02%	128 118	0,14%
JDM Minnaar	7 143	0,00%	1 000 002	1,20%	6 812	0,00%	2 000 000	2,26%
JDM Minnaar (Indirek)	145 011	0,08%	1 230 000	1,48%	145 011	0,07%	1 730 000	1,95%
JA Mostert	5 907	0,00%	21 110	0,03%	5 907	0,00%	21 110	0,02%
JD Shahim (Indirek)	164 952	0,09%	200 579	0,24%	164 952	0,08%	200 579	0,23%
WH van Zyl	600 000	0,33%	2 390 000	2,86%	400 733	0,20%	1 807 094	2,04%
Uitvoerend:								
JJ Dique	1 000 000	0,55%	-	0,00%	1 000 000	0,50%	-	0,00%
F Strydom	295 731	0,16%	-	0,00%	295 731	0,15%	-	0,00%
SH Alberts	99 541	0,06%	-	0,00%	31 487	0,02%	-	0,00%
Subtotaal van direkteure*	2 781 298	1,54%	8 023 808	9,60%	2 364 818	1,17%	9 147 835	10,32%
Ander aandeelhouders	178 008 010	98,46%	75 552 693	90,40%	198 983 014	98,83%	79 526 647	89,68%
TOTAAL	180 789 308	100,00%	83 576 501	100,00%	201 347 832	100,00%	88 674 482	100,00%

* Direkteure wie se name nie hier verskyn nie besit geen aandele nie.

Korporatiewe beheer

VERVOLG VAN BL. 33

MAATSKAPPYSEKRETARIS

Die direkteure het onbelemmerde toegang tot die Maatskappysekretaris om aan hulle leiding en advies ten opsigte van hulle magte en pligte te voorsien, sodat hulle hul fidusiële verantwoordelikheid teenoor die Maatskappy kan nakom.

INTERNE OUDIT

'n Onafhanklike objektiewe interne ouditfunksie is binne die Maatskappy gevestig met 'n ouditgrondwet, wat gereeld aan die Oudit- en Risikokomitee rapporteer. Die hoof van interne oudit het ook onbelemmerde toegang tot die voorsitter van die Ouditkomitee.

SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID

Senwes rapporteer jaarliks ten opsigte van die aard en omvang van die Maatskappy se sosiale-, transformasie-, etiese-, veiligheids-, gesondheid- en omgewingsbestuursbeleide en praktyke. Sien bl. 22 - 29.

ETIESE KODE

Senwes en sy personeel is verbind tot etiese besigheidspraktyke en 'n etiese kode is in die personeelhandleiding vervat. Die Direksie is verbind tot 'n etiese optrede soos vervat in die direksiegrondwet.

REKENINGKUNDIGE RAPPORTERING EN VERSLAGDOENING

Die Ouditkomitee is verantwoordelik om toe te sien dat rekeningkundige rapportering en verslagdoening deursigtig en akkuraat is. Die Ouditkomitee is ook verantwoordelik vir die aanbevelings rakende die aanstelling van ouditeure asook die ouditbegroting. Ten minste drie vergaderings van die Ouditkomitee vind plaas, by welke vergaderings beide die eksterne en interne ouditeure insette lewer.

VERSLAGDOENING AANGAANDE FINANSIËLE EN NIE-FINANSIËLE SAKE

Die Maatskappy se belanghebbendes, soos die aandeelhouders, finansierders, personeel en klante, word deurlopend en openlik ingelig rakende strategiese aspekte van die Maatskappy.

Die kommunikasie met aandeelhouders in die jaar onder oorsig, het veral gefokus op die waardeontsluitingstrategie wat Senwes aanvaar het. Aandeelhouders is op 16 inligtingsvergaderings en by wyse van kennisgewings op hoogte gehou van hierdie strategie asook die vordering daarvan. Die inligting is ook op die webtuiste gekommunikeer. Spesifiek relevant is die swart

bemagtigingstransaksie wat gesluit is met die Bafokeng Konsortium.

As deel van die Maatskappy se besluit van waardeontsluiting is dividende gedurende die jaar onder oorsig betaal en is sodanige dividendbeleid aanvaar wat konstante en markgerigte dividendstrome aan aandeelhouders probeer bewerkstellig. Hierdie inligting is deurlopend met aandeelhouders gedeel.

Aandeelhouders skakel gereeld met die Maatskappysekretaris rakende aandeeladministrasie, oordragte, asook die verhandeling van aandeel deur Barnard Jacobs Mellet via die oor-die-toonbank-mark ("OTC"). Die finansiële resultate van die Maatskappy, verhandeling van Maatskappy aandeel asook onlangse nuusgebeure word gereeld gerapporteer en gepubliseer op die Maatskappy se webtuiste en toepaslike publikasies. Aandeelhouders word ook aangemoedig om die algemene jaarvergadering van die Maatskappy by te woon en van die geleentheid gebruik te maak om met die Direksie te kommunikeer en relevante strategiese aspekte te bespreek.

OUDITKOMITEE

Die Ouditkomitee bestaan uit 'n meerderheid van nie-uitvoerende direkteure en die voorsitter daarvan is 'n onafhanklike, nie-uitvoerende direkteur. Die voorsitter en die meerderheid van lede is goed onderleg in finansiële verslagdoening. Hierdie komitee voorsien gerusstelling aan die Direksie dat:

- die finansiële state die nodige integriteit bevat en dat akkurate rapportering van finansiële syfers plaasvind;
- verslagdoening oor relevante nie-finansiële aspekte plaasvind;
- voldoende kommunikasie tussen die eksterne ouditeure en die Direksie plaasvind en dat ouditeure onafhanklik en objektief oor die Groep se finansiële resultate kan verslag doen;
- die interne finansiële kontrolesisteme en risikobestuursproses om die bates van die Groep en die beleggings van aandeelhouders te beskerm, in plek is en effektief funksioneer;
- die Interne Ouditfunksies plaasvind en dat gereelde verslagdoening in die verband plaasvind;
- die aanstelling van eksterne ouditeure asook die basis van aanstellings en fooie oorweeg word en dat die nodige onafhanklikheid en objektiwiteit asook effektiwiteit geld; en
- nakoming van wetlike voorskrifte plaasvind.

Gedurende die jaar onder oorsig is mnr Francois Strydom as lid van die komitee aangewys. Die Ouditkomitee het drie vergaderings gehou en die bywoning was soos volg:

Naam van direkteur	09/06/2005	24/11/2005	09/02/2006
JPL Alberts (Voorsitter)	✓	✓	✓
JDM Minnaar	✓	✓	✓
JD Shahim	✓	✓	✓
JA Mostert	✓	✓	✓
JJ Dique	✓	✓	✓
SH Alberts	✓	✓	✓
F Strydom (lid sedert 29/03/2006)	-	-	-

MENSLIKE HULPBRONNEKOMITEE

Die Menslike Hulpbronnekomitee bestaan uit vyf lede, waarvan vier lede nie-uitvoerende direkteure is. Die bestuur van die Menslike Hulpbronneafdeling woon elke vergadering by. Geen uitvoerende direkteur of senior bestuurder neem deel aan die bepaling van sy eie vergoeding nie. Die fokus van die Menslike Hulpbronnekomitee is die volgende:

- aanbevelings rakende die gewaarborgde vergoeding van die uitvoerende sowel as senior bestuur;
- die voldoening aan gelyke indiensnemingsvoorskrifte en regstellende aksie;
- vergoedingsaspekte en nie-gewaarborgde insentief-skemas om prestasie van Uitvoerende Bestuur in die kort termyn en lang termyn aan te moedig en te bely met aandeelhouers verwagtinge deur die skep van ekonomiese welvaart vir die aandeelhouers;
- opvolgbeplanning van Uitvoerende Bestuur en personeel;
- aanbevelings rakende ander insentief skemas; en
- aanbevelings na die Direksie rakende die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure.

Uitvoerende Komitee en senior bestuurstruktuur

Naam	Portefeulje	Maande in diens gedurende die jaar	Blank (B) / Swart (S)	Manlik (M) / Vroulik (V)
JJ Dique	Besturende Direkteur	12	B	M
F Strydom	Direkteur Bedryf	12	B	M
SH Alberts	Direkteur Finansies	12	B	M
JNB Maswanganyi	Hoofbestuurder Korporatiewe Dienste	12	S	M
AM Lubbe	Hoofbestuurder Graan	12	B	M
FJ du Plessis	Hoofbestuurder Handel	12	B	M
EM Joynt	Maatskappysekretaris	12	B	V
AJ Erasmus	Groep Interne Ouditeur	12	B	M
CF Kruger	Assistent Hoofbestuurder Finansies	12	B	M
GP van Zyl	Assistent Hoofbestuurder Produsente Finansiering	12	B	M
HJ de Jager	Assistent Hoofbestuurder Menslike Hulpbronne	12	B	M
J Grobler	Assistent Hoofbestuurder Korporatiewe Bemarking	12	B	M

Gedurende die jaar is vier vergaderings gehou en gedurende Augustus is mnr JAE Els (25 Augustus 2005) in die plek van mnr WH van Zyl as komiteelid aangewys.

Me DM Lerutla (29 Maart 2006) is in die plek van mnr Magashula as komiteelid aangewys. Bywoning van die Menslike Hulpbronnekomitee gedurende die jaar onder oorsig was soos volg:

Naam van direkteur	10/06/2005	28/09/2005	20/01/2006	25/04/2006
JDM Minnaar (Voorsitter)	✓	✓	✓	✓
JP Botma	✓	✓	-	✓
WH van Zyl (lid tot 25/08/2005)	✓	-	-	-
JAE Els (lid sedert 25/08/2005)	-	✓	✓	✓
GNV Magashula (lid tot 29/03/2006)	✓	✓	-	-
DM Lerutla (lid sedert 29/03/2006)	-	-	-	✓
JJ Dique	✓	✓	✓	✓

STANDAARDEKOMITEE

Die Standaardekomitee bestaan uit vier lede waarvan drie nie-uitvoerende direkteure is. Die Voorsitter van die Direksie is ook voorsitter van die komitee. Hierdie komitee oorweeg jaarliks die struktuur, grootte, effektiwiteit en samestelling van die Direksie. Daar word ook telkens 'n evaluasie gedoen oor welke kundigheid benodig word op direksievlak sowel as direksiekomiteevlak. Die voorsitter van die komitee onderneem individuele evaluasiegesprekke met elke direkteur. Gedurende die jaar onder oorsig het twee vergaderings van die komitee plaasgevind, welke vergaderings deur alle lede bygewoon is.

UITVOERENDE KOMITEE

Die komitee bestaan uit die Besturende Direkteur, Direkteur Finansies, Direkteur Bedryf asook die

VERVOLG OP BL. 36

Korporatiewe beheer

VERVOLG VAN BL. 35

Hoofbestuurder Korporatiewe Dienste. Die Maatskappysekretaris en ander senior bestuurslede woon ook die Uitvoerende Komitee vergaderings by.

Die dag tot dag bestuur van die Maatskappy is die taak van die Besturende Direkteur en sy Uitvoerende Bestuurspan. Die komitee vergader ten minste een keer per maand en doen telkens verslag by direksievergaderings oor die uitvoering van die Maatskappy se strategie, die finansiële resultate asook kritiese risiko en ander bedryfsaspekte.

RISIKOKOMITEE

Die Risikokomitee bestaan uit drie nie-uitvoerende direkteure en drie uitvoerende direkteure en onderneem deurlopend 'n hersiening van die risikobestuursproses en die grootste risiko wat die onderneming ondervind. Alhoewel die Direksie verantwoordelik is vir die volle proses van risikobestuur en die effektiwiteit daarvan is die komitee spesifiek afgesonder om die detail tesame met senior bestuur te oorweeg. Die komitee opereer binne 'n goedgekeurde mandaat.

Gedurende die jaar onder oorsig is mnr WH van Zyl (Augustus 2005), as komiteelid aangewys en het mnr J Mashike (29 Maart 2006) by die komitee aangesluit. Die aantal Risikokomitee vergaderings asook die bywoning was soos volg:

Naam van direkteur	03/06/2005	10/11/2005	08/02/2006
WH van Zyl (Voorsitter) (lid sedert 25/08/2006)	-	✓	✓
MJ Lourens	✓	✓	✓
JA Mostert	✓	✓	✓
J Mashike (lid sedert 29/03/2006)	-	-	-
JJ Dique	✓	✓	✓
SH Alberts	✓	-	✓
F Strydom	-	✓	✓

Die deurlopende dag tot dag risikobestuur, identifikasie en kontrole van risiko is die taak van senior bestuur. Voormelde ontvang by die interne Bestuursrisikokomitee indringende aandag deur aan die effektiewe aksiestappe en interne kontrole van risiko's aandag te gee.

Gerusstelling word sodoende aan die Direksie voorsien dat:

- bedrywe effektief opereer;
- die Maatskappy se bates en inligting beveilig is;
- wetgewing en regulatoriese vereistes nagekom word;
- besigheid onder normale en buitengewone omstandighede voortgesit sal kan word; en
- verantwoordelik teenoor belanghebbendes opgetree word.

Besonderhede van beduidende relevante risiko's word uiteengesit op bl. 37.

TOEGANG TOT INLIGTING

Die Maatskappy voldoen aan die vereistes van die Wet op die Openbaarmaking van Inligting 2000 en 'nhandleiding in die verband is gepubliseer op die Maatskappy webtuiste en is ook beskikbaar by die Maatskappysekretaris.

Aandeelhouers het toegang tot die Maatskappy se registers en notules van aandeelhouersvergaderings.

RISIKOBESTUURSVERSLAG

Senwes maak gebruik van 'n uitgebreide risikobestuursprogram wat reeds geruime tyd operasioneel is. Die wesenlikste risiko's verdien vermelding en het deurlopende bestuursaandag geverg.

AFSKALING IN GRAANAANPLANTINGS

Gedurende die afgelope finansiële jaar het produsente weens lae prysvlakke ongeveer 50% minder aangeplant in vergelyking met vorige jare. Die effek hiervan het 'n impak op twee finansiële jare. Die Insetverskaffingsdivisie is vanjaar negatief beïnvloed deurdat minder insette verkoop is, terwyl volgende jaar se resultate van die Marktoegangsddivisie negatief geraak sal word deur die laer hoeveelheid graan beskikbaar vir hantering, opberging en bemarking. Die effek op die produsent self weens verlaagde kontantvloei het ook 'n effek op sy kredietwaardigheid en het 'n impak op die kredietverskaffingsafdeling.

Bestuur het risiko's tot 'n groot mate aangespreek deur die volgende:

- voorraadvlakke in die Insetverskaffingsdivisie is afbestuur en strukture is gerasionaliseer;
- Safex instrumente en papierstrategieë asook oorbruggingfinansieringspakette is verskaf om produsente se risiko's te bestuur asook om produsente in staat te stel om te kan deel in verwagte graan prysstygings;
- toepaslike kredietbeleid wysigings; en
- graanvoorraad word op verskeie wyses langer in opbergingsfasiliteite gestoor deur gebruik te maak van geleenthede wat die Safex graanmark bied.

ALTERNATIEWE STOORKAPASITEIT

Die koms van alternatiewe stoorkapasiteit soos sinksilo's en graansakke bied nuwe uitdagings maar ook geleenthede. Die risiko van fragmentering van die graanbedryf weens hierdie opsies word nie onderskat nie en word vir die huidige aangespreek deur innoverende bemarkings-transaksies en die beskerming van die noue verhouding wat die onderneming met die produsente het.

NIE-NAKOMING VAN KONTRAKTE

Sekere kontrakte, byvoorbeeld kontantvoorskot-transaksies, bied risiko's indien dit gesluit word in sekere omstandighede. Skerp bewegings in graanpryse het betrekking hierop. Risiko's word aangespreek deur die feit dat omstandighede streng gemonitor word en transaksies net in sekere prysbande aangegaan word. 'n Behoorlike teenparty evaluasie speel ook 'n belangrike rol ten einde kredietrisiko aan te spreek.

NIE-NAKOMING VAN WETGEWING

Nakoming van die legio wette van toepassing in die korporatiewe omgewing het 'n beduidende risiko begin raak wat ondernemings noop om wesenlike bedrae te spandeer om voldoening te verseker. Die nakomingsafdeling onder leiding van die Maatskappysekreteraris en Nakomingsbeampte tesame met effektiewe prosedures en beleide en toepaslike instruksies met betrekking tot wetgewing, spreek hierdie risiko aan.

PRYSRISIKO T.O.V. GRAANKOMMODITEITE

Die impak van prysbewegings ten opsigte van graan wat nie verskans is nie, bestaan in markomstandighede van lae mark-likiditeit. Senwes pas egter 'n uiters omsigtige beleid toe met betrekking tot spekulasie en handhawing van oop posisies wat deurgaans gemonitor word en daaglik gerapporteer word aan die toepaslike senior bestuurslui.

Die meer beduidende risiko met betrekking tot pryse van kommoditeite raak die groter prentjie van landbou en die mededingendheid van die sektor. Dit raak gevolglik ook die kredietwaardigheid en lewensvatbaarheid van produsente. Hierdie risiko word aangespreek deur produsente op te lei en te adviseer met betrekking tot risikobestuurspraktyke en toepaslike verskansings-instrumente asook met betrekking tot wisselbou en diversifikasie van hul boerderye.

NA-AFTREDE MEDIESE VOORDELE

Die konflik wat in die verlede bestaan het tussen Senwes en afgetrede werknemers weens die veranderde verskaffing van na-aftrede mediese voordele, is bekend. Senwes het 'n aansoek om 'n interdik verloor met betrekking tot voorgename veranderings aan die skema-voordele. Veranderinge was aanvanklik voorgestel omdat die omvang van die skema voorheen so beduidend was dat dit gedurende die moeilike siklus waardeur Senwes in die verlede gegaan het, 'n bedreiging ingehou het vir die voortbestaan van die onderneming. Behoorlike gesprekvoering en ooreenkoms wat redelik is teenoor alle partye is intussen bereik. Gesprekvoering duur voort ten einde billikheid te verseker.

Bo en behalwe bogenoemde beduidende spesifieke risiko-areas, is daar verskeie ander normale besigheids-risiko's wat bestaan maar wat voldoende gemoniteer en bestuur word. Die Direksie is tevrede dat voldoende prosesse en bestuurspraktyke gevestig is om wesenlike risiko's te identifiseer en aan te spreek.

Senwes Groep

VYFJAAR-OORSIG

	2006 R'm	2005 R'm	2004 R'm	2003 R'm	2002 R'm
BALANSSTAAT					
Bates					
Nie-bedryfsbates	254	269	381	437	477
Bedryfsbates	1 381	1 595	1 771	1 944	2 508
Bates van beëindigde bedrywe – gehou vir verkoop	3	-	-	-	-
Totaal	1 638	1 864	2 152	2 381	2 985
Ekwiteit en aanspreeklikhede					
Kapitaal en reserwes	683	622	569	372	302
Nie-bedryfslaste	89	80	60	113	84
Bedryfslaste	865	1 162	1 523	1 896	2 599
Laste geassosieer met bates – gehou vir verkoop	1	-	-	-	-
Totaal	1 638	1 864	2 152	2 381	2 985
Rentedraende finansiering	585	803	1 050	1 074	1 800
INKOMSTESTAAT *					
Inkomste					
Insetverskaffing	903	935	1 074	1 394	1 289
Marktoegang	2 672	2 867	2 328	3 848	2 448
Nywerhede	17	22	36	31	40
Normale bedryfsaktiwiteite	3 592	3 824	3 438	5 273	3 777
Korporatief en nie-toedeelbaar	30	10	12	19	7
Beëindigde bedrywe	443	523	1 114	2 453	2 370
Intersegmentverkope	(86)	(107)	(85)	(82)	-
	3 979	4 250	4 479	7 663	6 154
Verskansings- en direkte transaksies	5 559	5 266	5 176	4 668	3 272
Waarde van sake gedoen	9 538	9 516	9 655	12 331	9 426
Wins/(verlies) *					
Insetverskaffing	(18)	(8)	(37)	6	11
Marktoegang	181	182	195	169	99
Nywerhede	5	6	4	1	(24)
Normale bedryfsaktiwiteite	168	180	162	176	86
Korporatiewe koste	(32)	(31)	(32)	(28)	(21)
Ander nie-toedeelbare koste	(12)	(4)	(8)	(1)	-
Beleggingsinkomste	5	14	14	13	5
Voortgesette bedrywe	129	159	136	160	70
Beëindigde bedrywe/Gehou vir verkoop	28	(6)	36	(61)	-
Wins voor abnormale items	157	153	172	99	70
Vervreemding van ongenoteerde aandele	-	104	-	-	-
Abnormale items	(32)	(19)	28	(43)	(294)
Wins/(verlies) voor belasting	125	238	200	56	(224)
Belasting	(18)	(43)	(32)	-	13
Netto wins/(verlies) na belasting	107	195	168	56	(211)
Minderheidsbelange	-	-	-	-	(3)
Netto wins/(verlies)	107	195	168	56	(214)
Finansieringskoste					
	(62)	(84)	(135)	(216)	(262)
KONTANTVLOEISTAAT					
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite					
Kontantwinst	159	192	227	174	194
Dividende betaal	(29)	(12)	-	-	-
Beweging in bedryfskapitaal	20	(25)	(434)	554	198
Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite	56	92	231	(10)	74
Kontant gegenereer	206	247	24	718	466
Terugkoop van eie aandele	(38)	-	(2)	(2)	-
Ontbinding van Personeel Aandele Trust	49	-	-	-	-
Afname in langtermynlenings	(2)	(1)	-	(3)	(27)
Netto kontantvloei	215	246	22	713	439

* Vir doeleindes van vergelyking is segment inkomste en resultate ten opsigte van die vorige periodes hersaamgestel vir beëindigende bedrywe.

	Definisie	2006	2005	2004	2003	2002
GETAL GEWONE AANDELE ('m)						
Geweegde gemiddelde getal uitgereik _____		181	181	182	204	206
Getal uitgereik op jaareinde * _____		181	181	181	203	206
GEWONE AANDEELPRESTASIE SENT PER AANDEEL						
Verdienste/(verlies) _____	1	59,2	107,9	92,4	27,4	(103,9)
Wesensverdienste/(verlies) _____	2	58,1	54,2	70,4	48,4	(76,7)
Wesensverdienste voor abnormale items _____	3	57	65,8	55	69,4	39,6
Kontantvloeï _____	4	113,9	136,6	13,2	351,2	226,7
Netto batewaarde _____	5	377,8	344	314,7	183,3	145,9
Markprys _____	6	250	165	80	-	-
Totale dividende vir die jaar _____	7	35	47,5	5,5	-	-
Finale dividend voorgestel _____	8	15	5,5	5,5	-	-
Interim dividend betaal _____	9	-	4,5	-	-	-
Spesiale dividend betaal _____	10	20	37,5	-	-	-
%						
Na-belaste prima uitleenkoers _____	11	6,3	6,3	6,9	10,2	9,0
Na-belaste vastebelegging opbrengs _____	12	4,0	4,0	4,5	7,2	6,0
Dividendopbrengs op markprys (normale dividende) # _____	13	6,0	6,1	6,9	-	-
Dividendopbrengs op markprys, insluitende spesiale dividende # _____	14	14,0	28,8	6,9	-	-
AANTAL KEER						
Dividenddekking uit normale dividende _____	15	3,9	10,8	16,8	-	-
Dividenddekking, insluitende spesiale dividende _____	16	1,7	2,3	-	-	-
OPBRENGSTE						
Beweging in ekwiteit (R'm) _____	17	61	53	197	70	(212)
Opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang (%) _____	18	16	33	36	17	(53)
Wins voor belasting uit voortgesette bedrywighede as % van inkomste _____	19	3	7	5	2	(4)
Effektiewe belastingkoers (%) _____	20	15	18	16	-	6
PRODUKTIWITEIT						
Inkomste teenoor ekwiteit (aantal keer) _____	21	6	7	8	21	20
Inkomste per werknemer (R'000) _____	22	2 070	1 668	1 763	1 215	885
SOLVABILITEIT EN LIKIDITEIT						
Ekwiteit as % van netto bates - Groep _____	23	53	43	35	25	14
Rentedekking deur kontantwinste (aantal keer) _____	24	3,8	3,3	2,7	1,8	1,8
Hefboomfinansieringsverhouding (%) _____	25	86	129	185	289	596
Rentevrye laste as % van ekwiteit _____	26	51	69	90	239	292
Bedryfsverhouding _____	27	1,6	1,4	1,2	1	1
Vuurproefverhouding _____	28	0,9	1,1	0,7	0,7	0,7

Verhandeling van aandele het effektief in April 2003 begin. Voor hierdie datum word aandele geag nie 'n billike markwaarde te hê nie.

* Senwes het gedurende die jaar onder oorsig sy Personeel Aandele Trust ontbind. IFVS bepaal dat hierdie syfer vanaf 2004 aangesuiwer moet word teen ekwiteit asof die trust voorheen gekonsolideer was.

DEFINISIES

- 1. VERDIENSTE PER AANDEEL**
Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouders gedeel deur die geweepte gemiddelde aantal uitgereikte aandele vir die jaar.
- 2. WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL**
Verdienste per aandeel toeskryfbaar aan aandeelhouders, met uitsluiting van:
 - wins/(verlies) met verkoop van vaste bates,
 - wins/(verlies) met verkoop en/of beëindiging van bedrywe,
 - herstruktureringkoste,
 - wins/(verlies) met verkoop van beleggings,
 - wins/(verlies) met verkoop van filiale,
 - voorsiening vir waardedaling van batesgedeel deur die geweepte gemiddelde aantal uitgereikte aandele gedurende die jaar.
- 3. WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL VOOR ABNORMALE ITEMS**
Dieselfde as vir wesensverdienste per aandeel, behalwe vir die verdere uitsluiting van abnormale items.
- 4. KONTANTVLOEI PER AANDEEL**
Toeskryfbare kontantvloei uit bedrywigheide gedeel deur die geweepte gemiddelde aantal uitgereikte aandele gedurende die jaar.
- 5. NETTO BATEWAARDE PER AANDEEL**
Kapitaal en reserwes, verminder met ontasbare bates, gedeel deur die aantal uitgereikte aandele op jaareinde.
- 6. MARKPRYS PER AANDEEL**
Verhandelingsprys van die laaste transaksie in die finansiële jaar.
- 7. TOTALE DIVIDEND VIR DIE JAAR**
Selfverklarend.
- 8. FINALE DIVIDEND**
Finale dividende voorgestel gedeel deur die aantal uitgereikte aandele op jaareinde.
- 9. INTERIM DIVIDEND**
Interim dividende betaal gedeel deur die aantal uitgereikte aandele op halfjaar.
- 10. SPESIALE DIVIDENDE**
Selfverklarend.
- 11. NA-BELASTE PRIMA UITLEENKOERS**
Absa jaareindkoers soos van toepassing op individue, en belas teen die maksimum belastingkoers van toepassing op individue
- 12. NA-BELASTE VASTEBELEGGING OPBRENGS**
Absa jaareindkoers soos van toepassing op individue, en belas teen die maksimum belastingkoers van toepassing op individue
- 13. DIVIDENDOPBRENGS OP MARKPRYS**
Dividend per aandeel, gedeel deur die verhandelingsprys van die laaste transaksie in die finansiële jaar.
- 14. DIVIDENDOPBRENGS OP MARKPRYS, INSUITENDE SPESIALE DIVIDENDE**
Dividend per aandeel, insluitende spesiale dividende, gedeel deur die verhandelingsprys van die laaste transaksie in die finansiële jaar.
- 15. DIVIDENDDEKKING**
Toeskryfbare wins vir die jaar gedeel deur die totale normale dividend verklaar.
- 16. DIVIDENDDEKKING, INSUITENDE SPESIALE DIVIDENDE**
Toeskryfbare wins vir die jaar met die insluiting van die spesiale dividend, gedeel deur die totale normale dividend verklaar.
- 17. BEWEGING IN EKWITEIT**
Verskil in kapitaal en reserwes in huidige jaar teenoor vorige jaar.
- 18. OPBRENGS OP GEMIDDELDE AANDEELHOERSBELANG**
Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouders uitgedruk as 'n % van gemiddelde kapitaal en reserwes.
- 19. WINS VOOR BELASTING UIT VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE AS % VAN INKOMSTE**
Netto wins voor belasting aangesuiwer met beëindigde bedrywe gedeel deur omset wat aangesuiwer is met beëindigde bedrywe.
- 20. EFFEKTIEWE BELASTINGKOERS**
Werklike inkomstebelasting-uitgawe as % van netto inkomste.
- 21. INKOMSTE TEENOR EKWITEIT (AANTAL KEER)**
Inkomste gedeel deur ekwiteit.
- 22. INKOMSTE (VOORHEEN OMSET) PER WERKNEMER**
Inkomste gedeel deur die aantal werknemers op jaareinde in diens.
- 23. EKWITEIT AS % VAN NETTO BATES - GROEP**
Kapitaal en reserwes uitgedruk as % van totale bates verminder met rentevrye finansiering.
- 24. RENTEDEKKING DEUR KONTANTWINSTE**
Kontantwinste voor finansieringskoste gedeel deur finansieringskoste.
- 25. HEFBOOMFINANSIERINGSVERHOUDING**
Rentedraende skuld, verminder met kontant, gedeel deur kapitaal en reserwes.
- 26. RENTEVRYE LASTE AS % VAN EKWITEIT**
Rentevrye laste en voorsienings gedeel deur ekwiteit.
- 27. BEDRYFSVERHOUDING**
Bedryfsbates gedeel deur bedryfslaste.
- 28. VUURPROEFVERHOUDING**
Bedryfsbates verminder met voorraad gedeel deur bedryfslaste.

Staat van TOEGEVOEGDE WAARDE

	GROEP					
	2006		2005 pro forma		2005	
	R'm	%	R'm	%	R'm	%
SKEP VAN WELVAART						
Inkomste _ _ _ _ _	3 979		4 250		4 250	
Beleggingsaktiwiteite _ _ _ _ _	5		18		118	
Betaal aan verskaffers van goedere en dienste _ _ _ _ _	(3 403)		(3 632)		(3 632)	
	581		636		736	
VERSPREIDING VAN WELVAART						
Werknemers en direkteure _ _ _ _ _	279	48	269	42	269	37
Owerhede _ _ _ _ _	57	10	49	8	49	7
Verskaffers van eksterne kapitaal _ _ _ _ _	62	11	84	13	84	11
Beskikbaar vir eienaars _ _ _ _ _	182	31	223	35	323	43
Teruggehou vir uitbreiding en groei _ _ _ _ _	107	18	95	15	195	26
Dividende betaal _ _ _ _ _	47	8	95	15	95	13
Voorsien vir batevervanging _ _ _ _ _	28	5	33	5	33	4
Waardedalings van bates _ _ _ _ _	1	0	11	2	11	2
	581	100	636	100	736	100

Verklaring van verantwoordelikheid **DEUR DIE DIREKSIE**

Die direkteure is verantwoordelik vir die voorbereiding, integriteit en redelike weergawe van die finansiële state van Senwes Bpk en sy filiale. Die finansiële state uiteengesit op bladsy 45 tot 83 is opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoening Standaarde. Die direkteure het ook alle ander inligting wat ingesluit is in hierdie jaarverslag voorberei en is verantwoordelik vir beide die akkuraatheid en konsekwentheid van die finansiële state.

Die direkteure is ook verantwoordelik vir die Maatskappy se stelsel van interne finansiële beheer en risikobestuur en beide word op gereelde basis nagegaan. Hierdie kontroles is ontwerp om redelike, maar nie absolute gerusstelling, te bied oor die betroubaarheid van die finansiële state, toereikende beveiliging en instandhouding van die bates te bied en om wanvoorstelling en verliese te voorkom en op te spoor. Geen aangeleenthede het onder die aandag van die Direksie gekom wat 'n wesenlike tekortkoming in die funksionering van hierdie kontroles, prosedures en stelsels gedurende die jaar onder oorsig, mag aandui nie.

Die lopende saak grondslag is gebruik by die opstel van die finansiële state. Die direkteure het geen rede om te glo dat die Groep of enige maatskappy in die Groep nie 'n lopende saak in die nabye toekoms sal wees nie, gebaseer op resultate, bedryfstendense, markomgewing, vooruitskattings, risiko's, kapitaalstruktuur en beskikbare kontant- en finansieringsbronne.

Die finansiële state is geouditeer deur die onafhanklike ouditeure, Ernst & Young. Die onafhanklike ouditeure is onbeperkte toegang verleen tot alle finansiële rekords, ingesluit alle notules van direksie-, direksiekomitee-, bestuurs- en aandeelhoudervergaderings. Die direkteure glo dat alle voorstellings aan die onafhanklike ouditeure tydens die audit, geldig en behoorlik was.

Die Maatskappy finansiële jaarstate en die Groep finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 April 2006, soos uiteengesit op bladsy 45 tot 83, is deur die Direksie goedgekeur.


JE Grobler
Voorsitter


JJ Dique
Besturende Direkteur


SH Alberts
Direkteur Finansies

23 Junie 2006

Verklaring van **DIE SEKRETARIS**

Die Maatskappysekretaris sertifiseer in terme van artikel 268G(d) van die Maatskappywet, soos gewysig, dat alle opgawes soos vereis deur genoemde Wet, ingedien is by die Registrateur van Maatskappye en dat genoemde opgawes waar, korrek en op datum is.


EM Joynt
Maatskappysekretaris

23 Junie 2006

Senwes

FINANSIËLE RESULTATE



INHOUD

Verslag van die onafhanklike ouditeure	44
Statutêre direkteursverslag	45
Rekeningkundige beleid	47
Balansstaat	54
Inkomstestaat	55
Staat van verandering in ekwiteit	56
Kontantvloeistaat	57
Aantekeninge tot die finansiële state	58
Korporatiewe inligting	84

Verslag van die **ONAFHANKLIKE OUDITEURE**


Aan die lede van

SENWES BEPERK

Ons het die finansiële jaarstate van Senwes Beperk en Groep, soos uiteengesit op bladsy 45 tot 83, soos op 30 April 2006 geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die Maatskappy se direkteure. Ons verantwoordelikheid is om op grond van ons audit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek.

Ons het ons audit ooreenkomstig Internasionale Ouditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaard vereis dat ons die audit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry dat daar geen wesentlike wanvoorstellings in die finansiële state is nie. 'n Oudit sluit in 'n ondersoek, op 'n toetsgrondslag, van bewyse wat bedrae en openbaarmakings in die finansiële state steun. 'n Oudit sluit ook in 'n beoordeling van die rekeningkundige beginsels wat gebruik is en beduidende ramings deur bestuur gemaak asook 'n evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële state. Ons is van mening dat ons audit 'n redelike grondslag vir ons mening verskaf.

Na ons mening bied hierdie finansiële state, in alle wesentlike opsigte, 'n redelike weergawe van die finansiële stand van die Maatskappy en Groep op 30 April 2006 en van die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei-inligting vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoening Standaard en op die wyse deur die Maatskappywet in Suid-Afrika vereis.

The logo for Ernst & Young, featuring the company name in a stylized, handwritten-style font.

Ernst & Young

Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure

23 Junie 2006

Johannesburg

Statutêre

DIREKTEURSVERSLAG

1. HOOFDOELSTELLINGS

Die hoofdoelstellings van die Maatskappy is die volgende:

- 1.1 Verskaffing van primêre landbou-insette.
- 1.2 Skepping van marktoegang vir landbouprodukte.

2. VERANDERING IN DIE AARD VAN AKTIWITEITE

Geen wesenlike veranderings het gedurende die jaar plaasgevind in die aard van eiendom, aanleg en toerusting nie.

3. FILIALE EN ANDER FINANSIËLE BATES

Besonderhede van die houermaatskappy se belang in filiale en ander finansiële bates word in aantekeninge 3, 4 en 5 tot die finansiële state uiteengesit.

4. RESULTATE

Die netto wins na belasting vir die Groep vir die jaar onder oorsig het R107 miljoen beloop (2005 - R195 miljoen).

Die opgesomde resultate is soos volg:

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2006 R'm	2005 R'm	2006 R'm	2005 R'm
Inkomste _____	3 979	4 250	3 673	3 949
Voortgesette bedrywe _____	3 536	3 727	3 603	3 829
Beeïndigende bedrywe _____	443	523	70	120
Waarde van sake gedoen _____	9 538	9 516	9 232	9 215
Bedryfswins _____	160	216	155	206
Netto wins na belasting _____	107	195	107	195

Verwys aantekening 1 tot die finansiële state vir die volledige segmentontleding.

Ingesluit by waarde van sake gedoen, is verskansings- en direkte transaksies ten bedrae van R5 559 miljoen (2005 - R5 266 miljoen). Voortgesette bedrywe se inkomste het met 5% gedaal tot R3 536 miljoen hoofsaaklik weens die daling van die Insetverskaffingsdivisie se omset. Die Insetverskaffingsdivisie se inkomste het met 4% gedaal, hoofsaaklik as gevolg van die daling in direkte insetverkope en meganisasie verkope weens die laer graanprysiklus en gevolglike daling in graanaanplantings in die streek.

Daar was 'n afname in die bedryfswins van R56 miljoen (26%). Die R43 miljoen daling in die wins voor belasting, is toeskryfbaar aan die feit dat insetverskaffing se omsette drasties verlaag het weens die 50%-afskaling in aanplantings in Senwes se tradisionele gebied.

Die Nywerheidsbedrywigheide, Hartswater Wynkelder en die Saadafdeling, het positiewe resultate getoon. Senwesko Voere was ook winsgewend tot met die vervreemdingsdatum.

Die opgesomde balansstaat is soos volg:

Totale bates _____	1 638	1 864	1 632	1 823
Totale netto rentedraende skuld _____	585	803	585	802

Die laer balansstaat is die gevolg van 'n laer belegging in finansieringsdebiteure en agentskapsgraandebiteure terwyl die belegging in spesifieke graanvoorraad beduidend hoër was. 'n Oorsig van die jaar se resultate word ook in die finansiële oorsig op bl. 20 gegee.

5. DIVIDENDE

Die direkteure stel voor dat 'n finale dividend van 15 sent per aandeel (2005 - 5,5 sent) verklaar word. 'n Interim dividend van nul sent (2005 - 4,5 sent) asook 'n spesiale dividend van 20 sent (2005 - 37,5 sent) is gedurende die

VERVOLG OP BL. 46

Statutêre direkteursverslag

VERVOLG VAN BL. 45

jaar betaal. Alle aandeelhouders wat geregisteerde aandeelhouders is in die aandeleregister op 7 Augustus 2006 sal dividende ontvang wat op ongeveer 24 Augustus 2006 uitbetaal sal word, na bekragtiging daarvan deur die aandeelhouders op die algemene jaarvergadering.

6. DIREKTEURE EN SEKRETARIS

6.1 Die name van die direkteure verskyn op bl 6 en 7.

Die volgende bedankings en uittredes gaan geskied:

MJ Lourens	(10 Augustus 2006)
JDM Minnaar	(10 Augustus 2006)
JA Mostert	(10 Augustus 2006)
WH van Zyl	(10 Augustus 2006)

Die volgende aanstellings het geskied:

DM Lerutla	(16 Februarie 2006)	
LM Ndala	(16 Februarie 2006)	(Alternatief vir DM Lerutla)
J Mashike	(16 Februarie 2006)	
K Fleischhauer	(16 Februarie 2006)	(Alternatief vir J Mashike)

Die onafhanklike nie-uitvoerende direkteure word drie jaarliks deur die Direksie aangewys. Die aanstelling word bekragtig op die daaropvolgende algemene jaarvergadering. Die direkteure is tans mnre JPL Alberts en GNV Magashula.

6.2 Sekretaris

EM Joynt

Geregistreerde adres – Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp.

6.3 Openbare amptenaar

SH Alberts (Aangestel 15 Februarie 2005)

7. AANDELEKAPITAAL

Geen uitreiking van aandele het gedurende die jaar plaasgevind nie.

8. TERUGKOOP VAN AANDELE

Die volgende aandele is teruggekoop:

Senwes:	20 558 524	(aandele van Senwes Personeel Aandele Trust teruggekoop ingevolge artikel 85 van die Maatskappywet)
---------	------------	---

9. HOUERMAATSKAPPY

Die houermaatskappy van Senwes Bpk is Senwesbel Bpk, 'n maatskappy geïnkorporeer in Suid-Afrika.

10. GEBEURE NA BALANSSTAATDATUM

Geen

11. BELANGRIKE HOFGEDINGE UITSTAANDE EN ANDER VOORWAARDELIKE ITEMS

Die moontlike voorwaardelike aanspreeklikhede met betrekking tot die voormalige Vaalharts Koöperasie lede asook voormalige werknemers se mediese subsidies word volledig in aantekening 19 openbaar. Soos reeds in die vorige jaar openbaar gemaak, het die Maatskappy ook 'n regsgeging ingestel teenoor die vorige ouditeure, PricewaterhouseCoopers Ing., asook sekere vorige bestuurslede. Die eise handel oor die partye se optrede en gevolglike voortvloeiende verliese wat ontstaan het in die finansiële jare 1998 tot 2000.

12. SPESIALE BESLUIE

Tydens die Algemene Jaarvergadering op 25 Augustus 2005 is spesiale besluite geneem dat:

12.1 die akte en statute van die Maatskappy vervang word met die Engelstalige weergawe;

12.2 die aandele gehou deur die Senwes Personeel Aandele Trust teruggekoop word;

12.3 algemene magtiging aan die Direksie verleen word om eie aandele terug te koop.

Rekeningkundige BELEID

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die Senwes Groep het sy rekeningkundige beleid van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) na Internasionale Finansiële Verslagdoening Standaard (IFVS) verander. Aangesien IFVS vir die eerste keer ten opsigte van die 2006 finansiële jaar geïmplementeer word, is die datum van oorskakeling 1 Mei 2004. Die Groep se openingsbalansstaat soos op 1 Mei 2004 en die vergelykende inligting vir 2005, is hersaamgestel om aan IFVS te voldoen.

Die verandering in rekeningkundige beleid het ontstaan weens die aanvaarding van die volgende standaarde:

- IRS 16 – Eiendom, aanleg en toerusting
- IFVS 5 – Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop en beëindigende bedrywe
- SIC Interpretasie 12 en IRS 27 – Konsolidasie van spesiale doel entiteite
- IRS 17 – Hure
- IRS 19 – Werknemer voordele

1.1 Basis van aanbidding

Die finansiële state van die Senwes Groep en al sy filiale is opgestel in ooreenstemming met en voldoen aan IFVS. Die finansiële state word opgestel volgens die historiesekoste-grondslag, behalwe vir afgeleide finansiële instrumente, beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates en handelsdebiteure wat teen billike waardes getoon word. Die drawaardes van bates en laste wat verskans is, word aangepas om veranderinge in die billike waardes weens die risiko's wat verskans word, te weerspieël. Die finansiële state word opgestel in rande en alle waardes is afgerond tot die naaste miljoen (R' 000 000), behalwe waar anders aangedui.

1.2 Konsolidasiebeleid en filiale

Filiale is entiteite waar beheer oor die entiteite se bedryfs- en finansiële beleid uitgeoefen kan word ten einde voordeel uit sy aktiwiteite te trek of waar die Groep die meerderheid van die stemreg besit.

Spesiale doel entiteite wat aandele in die Groep besit en waarvan die Groep die reg het om die entiteit te beheer, word gekonsolideer.

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate sluit die bates en laste van al die filiale en hul resultate vir die periode in. In geval van verkryging of belangverandering gedurende die jaar, is die resultate van die betrokke filiale ingesluit vanaf die datum van effektiewe beheer, of tot die datum van afstanddoening van effektiewe beheer. Intergroeptransaksies, -balanse en ongerealiseerde winste en verliese tussen entiteite in die Groep word geëlimineer.

Al die filiale het dieselfde jaareinde en rekeningkundige beleid as die houermaatskappy.

Enige voorsienings vir afskrywings van die beleggings soos veroorsaak deur die ontstaan van opgehoopte verliese in die entiteit word teruggeskryf by konsolidasie. Waar waardedalings voorkom word dit teen die betrokke bateklas verantwoord.

Beleggings in filiale op maatskappyvlak word getoon teen kosprys min enige voorsienings vir waardedalings.

1.3 Gesamentlike ondernemings

Gesamentlike ondernemings is ondernemings ingevolge waarvan die Groep, saam met een of meer ander ondernemers, 'n ekonomiese aktiwiteit uitvoer wat aan gesamentlike beheer onderworpe is.

Die Groep se belang in gesamentlike ondernemings is deur die proporsionele konsolidasiemetode in berekening gebring. Die inkomstestaat, balansstaat, kontantvloestaat en staat van verandering in ekwiteit sluit die Groep se gedeelte van inkomste, uitgawes, bates, laste en kontantvloeï van hierdie gesamentlike ondernemings op 'n lyn-vir-lyn-grondslag in.

1.4 Ander beleggings

Alle beleggings word aanvanklik erken teen billike waarde plus alle direkte toeskryfbare verkrygingskoste wat met die belegging geassosieer word.

Rekeningkundige beleid

VERVOLG VAN BL. 47

Na aanvanklike erkenning word beleggings wat geklassifiseer word as beskikbaar-vir-verkoop, aangepas na billike waarde. Wins of verliese wat ontstaan met die billike waarde aanpassings op hierdie beleggings word direk teen ekwiteit erken. Sodra die belegging verkoop of vervreem word, of indien enige waardedalings erken word, word die opgelope wins of verlies voorheen as ekwiteit getoon, ingeneem as deel van die netto wins of verlies in die inkomstestaat.

1.5 Eiendom, aanleg en toerusting

Eiendom, aanleg en toerusting word gehou met die doel om ekonomiese voordeel daaruit te trek oor meer as een periode en is nie aangekoop vir doeleindes van herverkoop nie.

Alle eiendom, aanleg en toerusting word aanvanklik erken teen kosprys. Latere meting word bepaal teen die bate se kosprys min opgelope depresiasie en waardedalings.

Winst en verliese met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting word bereken op grond van hulle drawaardes en word in berekening gebring by bedryfswins.

Die drawaardes van eiendom, aanleg en toerusting word oorweeg vir waardedaling wanneer gebeure of verandering in die omstandighede aandui dat die drawaarde nie meer verhaalbaar is uit die verdienvermoë of realisasie van die bates nie.

Depresiasie word oor die verwagte nuttige lewensduur teen 'n vaste paaielementsgrondslag bereken teen die volgende toepaslike koerse:

	%
• Grond	----- -
• Geboue en verbeterings	----- 2,5 - 2,85
• Masjinerie en toerusting	----- 7,5 - 33,3
• Voertuie	----- 20

Grond word nie gedeprimeer nie aangesien dit geag word 'n onbeperkte lewensduur te hê.

Die bruikbare leeftyd en reswaardes van eiendom, aanleg en toerusting word jaarliks herevalueer. Die evaluasies ten opsigte van bruikbare leeftyd en reswaardes van bates kan eers met sekerheid vasgestel word wanneer items van eiendom, aanleg en toerusting die einde van hul leeftyd nader. Bruikbare leeftyd en reswaarde evaluasies kan 'n groter of kleiner depresiasie uitgawe tot gevolg hê. Indien die reswaarde van 'n bate gelyk is aan die drawaarde daarvan, word depresiasie gestaak totdat die drawaarde van die bate weer die reswaarde oorskry.

1.6 Voorraad

Voorraad verteenwoordig bates wat gehou word vir verkoop in die normale gang van sake, vir die produsering van bates vir verkoop, of vir die verbruik in produksieprosesse of lewering van dienste.

Die koste van voorraad sluit in die kosprys, produksiekoste en enige koste aangegaan om dit te bring tot die huidige ligging en toestand, gereed vir die beoogde doel. Rente word nie ingesluit by voorraadkoste nie, maar erken as 'n uitgawe in die periode aangegaan.

Koste van produksie sluit in koste direk toeskryfbaar aan eenhede geproduseer en sluit in direkte koste soos direkte lone en salarisse en veranderlike bokoste sowel as die sistematiese toedeling van vaste produksieboekoste gebaseer op die produksiefasiliteit se normale kapasiteit.

Voorraad word teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde getoon. Netto realiseerbare waarde is die geraamde verkoopprijs in die normale gang van sake. Die koste van voorraaditems word gemeet op grond van hulle kenmerke, wat betref hulle aard en gebruik.

Die kosprys van voorraad word volgens die geweegde gemiddelde koste metode bepaal behalwe waar dit toepaslik is om 'n ander basis te gebruik op grond van die voorraad se kenmerke. Voorraad se kosprys bepaal op 'n ander basis as geweegde gemiddelde koste is soos volg:

- Grondbone en spilpuntvoorraad ___ Standaardkoste en geweegde gemiddelde koste metode
- Eie graan- en ander produkte ___ Spesifieke kontrakprys

1.7 Agentskapsgraandebiteure

Agentskapsgraandebiteure verteenwoordig betalings gemaak ten behoeve van derde partye ten opsigte van

landbouprodukte ontvang vanaf produsente en is betaalbaar deur die derde party by lewering van sodanige landbouprodukte aan hulle. Verkope met betrekking tot verkoopskontrakte waarvoor voorraad as sekuriteit dien, word ook hierby ingesluit.

1.8 Uitgestelde belasting

Daar word voorsiening gemaak vir uitgestelde belasting ten opsigte van tydelike verskille wat ontstaan tussen die belastingbasisse van bates en laste en hul drawaardes vir finansiële verslagdoeningsdoeleindes deur gebruik te maak van die belastingkoers wat op jaareinde geld. Die aanspreeklikheid vir uitgestelde belasting of uitgestelde belastingbates word aangepas met enige veranderinge in die inkomstebelastingkoers.

Volgens hierdie metode moet die Groep voorsiening maak vir uitgestelde inkomstebelasting op herwaardasies van sekere nie-bedryfsbates en op die verskil tussen billike waardes en die belastingbasis van bates tydens verkryging.

Uitgestelde belastingbates wat bestaan as gevolg van onbenutte belastingverliese word beperk tot die mate wat dit waarskynlik is dat toekomstige belasbare inkomste beskikbaar sal wees waarteen die onbenutte belastingverliese benut kan word.

1.9 Verpligting ten opsigte van langtermyn werknemervoordele

1.9.1 Aftreeverpligting

Die aftreeverpligting behels 'n omskrewe bydraeplan geregistreer in terme van die Pensioenfondswet, 1956 en die bates word apart deur trustees geadminestreer. Befondsing geskied ingevolge diensvoorwaardes deur middel van bydraes deur die Maatskappy en deelnemende filiale asook werknemers. Bydraes word erken in die inkomstestaat in die periode waarin dit aangegaan word. Omrede die fondse omskrewe bydrae fondse is word enige onderbefondsing wat moontlik kan ontstaan wanneer die waardes van bates daal onder dié van bydraes geabsorbeer deur lede by wyse van verlaagde voordele. Gevolglik dra die Groep geen blootstelling ten opsigte hiervan nie.

1.9.2 Na-aftrede mediese sorg verpligting

Die toekomstige koste van na-aftrede mediese verpligting word teen inkomste voorsien, gegrond op 'n onafhanklike jaarlikse aktuariële waardasie. Teen gemelde datum het die voorsiening 100% van die verpligting beloop gegrond op sekere aanvaarde wysigings in voordele.

1.9.3 Uitgestelde bonusskemas

Winsdeling- en bonusbetalings wat nie betaalbaar is binne 12 maande na die einde van die tydperk waarin die werknemers die dienste gelewer het nie, word getoon as langtermyn werknemervoordele.

1.10 Korttermyn werknemervoordele

Hierdie sluit normale voordele soos salarisse, lone, betaalde verlof, siekteverlof, winsdeling- en ander bonusse asook byvoordele in ten opsigte van huidige werknemers en word erken teen inkomste in die tydperk waarin dit aangegaan word. 'n Voorsiening word geskep ten opsigte van die verwagte koste van aansporingsbonusse wanneer daar 'n konstruktiewe verpligting bestaan en 'n akkurate beraming van die verpligting gemaak kan word.

'n Voorsiening word geskep ten opsigte van die verwagte koste van die verpligting ten opsigte van beide normale en langdiensverlofdae opgehoop, omgeskakel na 'n randwaarde op jaareinde gegrond op die kontant-ekwivalent daarvan. Die nodige aanpassing word verreken teen inkomste in die inkomstestaat.

'n Voorsiening word geskep ten opsigte van normale dertiende tjek bonusse opgeloop aangesien pro rata uitbetaling geskied indien bedanking plaasvind voor die personeellid se normale verkose uitbetalingsdatum.

Uitdienstredingsvoordele by diensbeëindiging word as 'n verpligting en uitgawe erken wanneer die onderneming verbind is tot die beëindiging van die pos voor normale werknemeraftrede of wanneer voordele aangebied word om vrywillige oortollige diensbeëindiging aan te moedig. Indien dit egter onseker is wie die aanbod sal aanneem, word slegs 'n voorwaardelike aanspreeklikheid openbaar.

1.11 Inkomste erkenning

Inkomste verteenwoordig die netto gefaktureerde waarde van goedere en dienste sowel as enige kommissie ontvang voortspruitend uit die aktiwiteite as graanhanteerder en verskaffer van versekering en finansiële dienste. Rente ontvang wat voortspruit uit kredietverskaffing word ook as inkomste getoon, slegs tot die mate waartoe invordering redelik seker is. Inkomste word getoon met die uitsluiting van belasting op toegevoegde waarde.

Intergroepverkope word geëlimineer.

Rekeningkundige beleid

VERVOLG VAN BL. 49

Inkomste uit verkope van goedere word erken wanneer wesenlike risiko's en vergoeding vir eienskapskap van die goedere oorgedra word aan die koper en dit redelik seker is dat die ekonomiese voordele betrokke by die transaksie na die onderneming sal vloei.

Inkomste op agentskapsgraandebiteure word op 'n tydsverhoudingsgrondslag erken soos dienste gelewer word.

Inkomste uit dienste gelewer word erken deur inagneming van die stadium van voltooiing op balansstaatdatum en/of die resultaat daarvan redelik akkuraat bepaal kan word. Indien die inkomste nie redelik akkuraat bepaal kan word nie, word inkomste slegs erken tot die omvang van verhaalbare uitgawes aangegaan.

Wat betref graanverkoopstransaksies word prysrisikoblootstelling met betrekking tot aankope verskans deur verkope aan die termynbeurs Safex. Waar die doelwit dus verskansing is eerder as lewering aan Safex word hierdie transaksies geëlimineer uit verkope en apart geopenbaar, as waarde van sake gedoen.

Direkte leweringstransaksies met betrekking tot brandstof, kunsmis, saad en ander boerderyinsette word apart openbaar onder waarde van sake gedoen, aangesien die aard daarvan voldoen aan agentskapsbeginsels eerder as optrede as prinsipaal. Die onderliggende rede vir die transaksies is finansiering. Die kommissie verdien op die transaksies word steeds verantwoord as inkomste.

Dividende ontvang uit beleggings word erken wanneer die laaste datum vir registrasie verstryk het.

1.12 Finansiële instrumente en billike waarde

Finansiële bates word erken wanneer die Groep die reg of toegang tot ontvangs van ekonomiese voordele het. Sodanige bates bestaan uit kontant, 'n kontraktuele reg om kontant te ontvang of 'n ander finansiële bate. Finansiële verpligtinge word erken waar daar 'n verpligting is om ekonomiese voordele oor te dra en daardie verpligting 'n kontraktuele verpligting is om kontant of 'n ander finansiële bate of om 'n finansiële instrument oor te dra aan 'n ander entiteit.

Afgeleide finansiële instrumente

Afgeleide instrumente word deur die Groep gebruik in die bestuur van besigheidsrisiko's. Dit word aanvanklik in die balansstaat teen die billike waarde erken. Die metode om die gevolglike wins of verlies te erken, is afhanklik van die aard van die item wat verskans word. Die Groep ken sekere finansiële instrumente toe as:

- 'n verskansing van die verandering in billike waarde van 'n erkende bate of verpligting of 'n vaste verbintenis (billike waarde skans); of
- 'n verskansing van die blootstelling van die verandering in kontantvloei wat toeskryfbaar is aan 'n spesifieke risiko wat geassosieer is met 'n erkende bate of las, of hoogs waarskynlike vooruittransaksie (kontantvloei skans).

Verandering in die billike waarde van afgeleide instrumente wat toegeken is en kwalifiseer as 'n billike waarde skans, en ook hoogs effektief is, word in die inkomstestaat verantwoord tesame met enige veranderinge in die billike waarde van die verskanste bate of verpligting wat toeskryfbaar is aan die verskansingsrisiko en word dus effektief verreken. Verandering in die billike waarde van afgeleide instrumente wat toegeken is en kwalifiseer as 'n kontantvloei skans, en ook hoogs effektief is, word in ekwiteit verantwoord. Indien die vooruittransaksie tot gevolg het dat 'n bate of verpligting erken word, word die wins en verlies wat vroeër in ekwiteit uitgestel is, oorgeplaas vanaf ekwiteit en ingesluit in die aanvanklike bepaling van die koste van die bate of verpligting. Andersins word bedrae uitgestel in ekwiteit, oorgeplaas na die inkomstestaat en geklassifiseer as inkomste of uitgawe in dieselfde periode as wat die verskanste vaste verbintenis of vooruittransaksie die inkomstestaat beïnvloed.

Veranderinge in die billike waarde van enige afgeleide instrument wat nie kwalifiseer vir verskansingsrekeningkundige verantwoording met verwysing na IRS 39 nie, word onmiddellik in die inkomstestaat erken.

Indien 'n verskansingsinstrument verval of verkoop word, of indien 'n skans nie meer aan die kriteria vir verskansingsrekeningkundige verantwoording met verwysing na IRS 39 voldoen nie, word enige kumulatiewe wins of verlies wat op daardie stadium in ekwiteit bestaan, in ekwiteit behou en erken wanneer die vooruittransaksie finaal in die inkomstestaat erken word. Indien daar verwag word dat 'n vooruittransaksie nie meer sal plaasvind nie, word die gerapporteerde kumulatiewe wins of verlies onmiddellik na die inkomstestaat oorgeplaas.

Die Groep dokumenteer tydens die ontstaan van die transaksie die verwantskap tussen die verskansingsinstrument en die verskanste item, asook die risikobestuursdoelwit en strategie vir die aangaan van

verskansingstransaksies. Ingesluit in hierdie proses word alle afgeleide instrumente as verskansings aan spesifieke bates en verpligting of aan spesifieke vaste verbintenisse of vooruittransaksies toegeken. Die Groep dokumenteer ook beide die waardasies, tydens die ontstaan asook op 'n deurlopende basis, om te bepaal of die afgeleide instrument wat gebruik word in verskansingstransaksies wel hoogs effektief is om die verandering in billike waarde of kontantvloeï van die verskanste items te verreken.

Kommoditeitstermynkontrakte

Die Groep tree op in verskeie oor die toonbank toekomstige koop- en verkoopkontrakte vir die koop en verkoop van graankommoditeite. Sodanige kontrakte word oorspronklik in die balansstaat teen billike waarde erken. Hierdie kontrakte vorm deel van die Groep se risikobestuursbeleid en verskansingstrategie. Enige toename en/of afname in die vereiste bedrag om die bate of las te vereffen of te verhaal, word verreken teen die ooreenstemmende beweging in die waarde van die verskansingsinstrument. Die winste en verliese word dus verreken vir verslagdoeningsdoeleindes.

Valutatermynkontrakte

Valutatermynkontrakte word gebruik deur die Groep in die bestuur van blootstelling aan valuta fluktuasies en word dus effektief gebruik om risiko's in die verband vas te pen. Dit is hoogs effektiewe verskansingsinstrumente soos gedefinieer deur die rekeningkundige standpunt IRS 39 en word dus herwaardeer teen die instrument se billike waarde. Aanpassings word verreken teen die onderliggende bate of las se billike waarde aanpassing.

Billike waarde

Die billike waarde van afgeleide instrumente is gebaseer op gekwoteerde markpryse op die balansstaatdatum. Die billike waarde van buitelandse valutatermynkontrakte word vasgestel deur gebruik te maak van valutatermynmarkkoerse soos op die balansstaatdatum. Finansiële bates en verpligtinge met 'n vervaldatum wat minder as een jaar is, se billike waarde word aanvaar as die sigwaarde min enige beraamde kredietaanpassings. Die billike waarde van nie-bedryfsfinansiëleverpligtinge word beraam deur die toekomstige kontraktuele kontantvloeï te verdiskonteer teen die huidige markrentekoerse wat vir soortgelyke instrumente vir die Groep beskikbaar is.

Weerafgeleide verskansingsinstrumente

Hierdie instrumente is opsie-instrumente wat verskansing bied teen die betaling van 'n premie teen rampspoe-dige weerstoestande gedurende die somergraan verbouingstydperk en verskans dus indirek graan se inkomstes gegrond op volumes. Premies word by betaling onmiddellik erken in die inkomtestaat. Geen billike waarde aanpassing word gemaak op jaareinde nie aangesien voordele eers kan ontstaan indien die gestelde gemiddelde weerindeksyfers vir twee seisoene oortref word. Dit bevat dus geen waarde tussentyds nie.

Verrekening

Waar 'n wettige reg vir verrekening bestaan vir erkende finansiële bates en laste en daar 'n bedoeling is om die betrokke bates en laste gelyktydig op 'n netto basis te vereffen, word sodanige bedrae teen mekaar verreken.

Openbaarmaking in verband met finansiële instrumente waarby die Groep 'n party is, word getoon in aantekening 23.

1.13 Buitelandse valutatransaksies

Transaksies in buitelandse valuta word omgeskakel teen die lokokoers op transaksiedatum. Monetêre bates en/of laste in buitelandse valuta word omgeskakel in Suid-Afrikaanse rand deur gebruik te maak van die lokokoers op finansiële jaareinde. Winste en verliese wat ontstaan met die vereffening of verhaling van sodanige transaksies word in die inkomtestaat erken.

1.14 Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente, wat 'n geïntegreerde deel van kontantbestuur uitmaak, sluit in kontant op hande en oortrokke banksaldo's. Oortrokke banksaldo's word as bedryfslaste getoon.

Vir doeleindes van die kontantvloeïstaat bestaan kontant en kontantekwivalente uit kontant en kontantekwivalente soos hierbo gedefinieer, na inagneming van oortrokke bankrekeninge.

1.15 Bedryfshure

Hure van eiendom, aanleg en toerusting waar in wese al die risiko's en vergoeding verbonde aan eiendomsreg van 'n bate deur die verhuurder behou word, word as bedryfshure geklassifiseer. Betalings gemaak vir

VERVOLG OP BL. 52

Rekeningkundige beleid

VERVOLG VAN BL. 51

bedryfshure word in die inkomstestaat erken op 'n reguitlynbasis oor die tydperk van die huurkontrak. Toekomstige eskalasies ingevolge huurkontrakte word bereken en die gemiddelde huuruitgawe word in gelyke bedrae oor die huurtermyn erken, slegs indien 'n vaste eskalasiekoers kontraktueel ooreengekom is.

1.16 Handels- en ander debiteure

Debiteure word getoon teen 'n verwagte realiseerbare waarde daarvan; dit is die oorspronklike faktuurbedrag min enige voorsienings geskep deur middel van waardedalings. 'n Voorsiening vir waardedaling word bereken indien daar bewyse is dat die Groep nie alle bedrae, soos vasgestel in die oorspronklike terme, van die debiteure kan verhaal nie. Die bedrag van die voorsiening is die verskil tussen die drawaarde en die verhaalbare bedrag, wat die teenswoordige waarde van toekomstige kontantvloei is (uitgesluit toekomstige kredietverliese nog nie aan blootgestel nie), verdiskonteer teen die finansiële bate se oorspronklike effektiewe rentekoers soos bereken met die erkenning van die bate. Slegte skulde word afgeskryf in die jaar waarin dit geïdentifiseer word of plaasvind.

1.17 Waardedaling van bates

Alle kategorieë bates word by verslagdoening heroorweeg vir waardedalings. (Sien aantekeninge 2, 3 en 25.)

Die Groep doen op elke verslagdoeningsdatum 'n raming vir 'n aanduiding of enige aanduidings bestaan wat kan aanleiding gee tot 'n waardedaling op 'n bate. Indien daar so 'n aanduiding bestaan, maak die Groep 'n raming van die bate se verhaalbare bedrag. 'n Bate of die kontant genererende eenheid waarbinne dit self en ander bates opereer se verhaalbare bedrag is die hoogste van die billike waarde min verkoopskoste of die gebruikswaarde daarvan. Waar die drabedrag van 'n bate die verhaalbare bedrag oorskry, word 'n waardedaling op die bate geneem en die drabedrag word afgeskryf na die verhaalbare bedrag. Waar gebruikswaarde bepaal word, word die verwagte toekomstige kontantvloei verdiskonteer na 'n huidige waarde met die gebruik van 'n voorbelaste verdiskonteringskoers wat die huidige mark aanslag van die tydwaarde van geld en spesifieke risiko's gekoppel aan die bate weerspieël. Waardedalingsverliese van voortgesette bedrywe word in die inkomstestaat as deel van bedryfswins getoon.

Indien 'n indikasie bestaan dat voorheen erkende waardedalingsverliese nie meer bestaan nie of dat dit verklein het, word daar weer 'n raming van die betrokke bate se verhaalbare bedrag gedoen en indien nodig word daar 'n terugskrywing van die waardedaling gedoen tot die verhaalbare bedrag. Die terugskrywing mag nie tot gevolg hê dat die drawaarde hoër is as wat dit sou wees indien daar nie voorheen waardedalings op die bate geneem was nie. Na so 'n terugskrywing word die depresiasie uitgawe in toekomstige tydperke aangepas om die bate se aangepaste drabedrag, min die reswaarde daarvan, op 'n sistematiese grondslag oor die oorblywende bruikbare leeftyd toe te deel.

1.18 Voorsienings en voorwaardelike aanspreeklikhede

Voorsienings en ander aanspreeklikhede

Voorsienings is aanspreeklikhede waarvan die tydsberekening en bedrag onseker is en kan dus van ander krediteure onderskei word om hierdie rede. Voorsienings word slegs erken as:

- daar 'n huidige afgeleide of wetlike verpligting is weens 'n vorige gebeurtenis wat reeds plaasgevind het;
- uitvloei van ekonomiese voordele waarskynlik is om die verpligting na te kom; en
- 'n betroubare raming van die bedrag gemaak word.

Voorsienings word openbaar in aantekening 17.

Aanspreeklikhede is huidige verpligtinge wat spruit uit vorige gebeure waarvan die nakoming na verwagting daartoe sal lei dat ekonomiese voordele uit die onderneming sal vloei en word erken sodra die gebeurtenis, wat aanleiding tot die verpligting gegee het, plaasgevind het.

Aanspreeklikhede vorm deel van krediteure in die balansstaat.

Voorwaardelike aanspreeklikhede

Voorwaardelike aanspreeklikhede is 'n moontlike verpligting wat spruit uit vorige gebeure en waarvan die bestaan slegs bevestig sal word deur die plaasvind of nie-plaasvind van een of meer onseker toekomstige gebeurtenisse wat nie binne volle beheer van die onderneming is nie.

Dit kan ook ontstaan uit 'n huidige verpligting uit vorige gebeure maar word nie erken nie omdat:

- dit onwaarskynlik is dat uitvloeï van ekonomiese middele sal plaasvind; en
- die bedrag nie betroubaar gemeet of beraam kan word nie.

Voorwaardelike aanspreeklikhede word nie te boek gestel nie, maar word bloot by wyse van aantekening in die finansiële state geopenbaar. (Sien aantekening 19.)

1.19 Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop en beëindigde bedrywe

'n Beëindigde bedryf is 'n komponent van 'n entiteit wat óf vervreem is óf geklassifiseer as gehou vir verkoop en:

- verteenwoordig 'n afsonderlike belangrike sakesegment of geografiese gebied van bedrywighede;
- is deel van 'n enkele gekoördineerde plan om 'n afsonderlike belangrike sakesegment of geografiese gebied van bedrywighede te vervreem; of
- is 'n filiaal verkry met die uitsluitlike doel om te verkoop.

'n Item word geklassifiseer as gehou vir verkoop indien die drabedrag daarvan hoofsaaklik verhaal sal word deur 'n verkoopstransaksie eerder as deur voortgesette gebruik.

Die na-belaste wins of verlies met beëindiging word in die inkomstestaat getoon.

1.20 Segmentverslagdoening

Die Groep se primêre formaat vir segment verslagdoening is die volgende besigheidsegmente: Insetverskaffing, Marktoegang, Nywerhede en Korporatiewe items.

Intersegmentele oordragte: Segmentinkomste, segmentuitgawes en segmentresultate sluit oordragte tussen besigheidsegmente in. Hierdie oordragte geskied op 'n armlengtebasis en word op konsolidasie geëlimineer.

Segmentinkomste en -uitgawes: Die inkomste en uitgawes wat direk verwant is aan segmente word spesifiek na daardie segmente geallokeer.

Segmentbates en -laste: Segmentbates sluit alle bedryfsbates in wat deur 'n segment gebruik word en sluit hoofsaaklik in kontant, bedrae ontvangbaar, voorraad en eiendom, aanleg en toerusting, netto van voorsienings. Segmentlaste sluit alle bedryfsverpligtinge in en bestaan hoofsaaklik uit bedrae betaalbaar.

1.21 Vergelykende syfers

Waar rekeningkundige beleid as gevolg van die IFVS oorgang gedurende die jaar verander het en die resultaat daarvan wesenlik is ten opsigte van die begrip van die finansiële posisie van die Groep, is die vergelykende syfers hersaamgestel of herstateer.

1.22 Betekenisvolle rekeningkundige oordeel en ramings

In die proses om die Groep se rekeningkundige beleid toe te pas het Bestuur oordeel uitgeoefen in die volgende areas:

1.22.1 Voorsiening vir na-aftrede mediese verpligtinge.

Sien aantekening 14.

1.22.2 Voorsiening vir slegte skulde.

Sien aantekening 7, 9.1 en 9.2.

Vernaamste aannames:

'n Besluitnemingsmodel is daargestel wat die volgende vervat:

- indikasies van waardedaling;
- 'n individuele of groeapaanslag (afhangend van wesenlikheid);
- verwagte kontantvloei word geskat volgens die geskiedenis en aangepas met huidige faktore; en
- verdiskontering teen gemiddelde gekontrakteerde koers vir betrokke individu of groep.

1.22.3 Voorsiening vir stadigbewegende voorraad.

Sien aantekening 6.3.

Vernaamste aannames:

- Handelsvoorrade word voorsien na gelang van ouderdom en realiseerbaarheid van voorraad.

1.23 Standaarde en Interpretasies uitgereik en relevant tot die Groep, nog nie van krag

IFVS 7 – Finansiële Instrumente: Openbaarmaking (1 Januarie 2007) *

IFVIK 4 – Bepaling of 'n ooreenkoms 'n bruikhuur bevat (1 Januarie 2006) *

* Finansiële jare beginnende op of na hierdie datum.

Balansstaat

SOOS OP 30 APRIL

		GROEP		MAATSKAPPY		
		Aante- kening	2006 R'm	2005 R'm	2006 R'm	2005 R'm
BATES						
Nie-bedryfsbates						
Eiendom, aanleg en toerusting	2	190	216	171	179	
Belegging in filiale	3	-	-	19	46	
Finansiële bates	4	2	2	2	2	
Uitgestelde belasting	18.1	62	51	62	50	
		254	269	254	277	
Bedryfsbates						
Voorraad	6	629	295	624	267	
Handels- en ander debiteure	7	599	933	598	891	
Korttermynlenings	8	1	14	1	29	
Agentskapsgraandebiteure	9	132	341	132	348	
Kontant en kontantekwivalente	12.2	20	12	20	11	
		1 381	1 595	1 375	1 546	
Nie-bedryfsbates van beëindigde bedryf - gehou vir verkoop		2	3	-	3	-
TOTALE BATES			1 638	1 864	1 632	1 823
EKWITEIT EN AANSPEEKLIKHEDE						
Kapitaal en reserwes						
Aandelekapitaal	10	1	1	1	1	
Aandelepremie	11.1	67	74	67	74	
Nie-verdeelbare reserwe	11.2	303	322	302	321	
Onaangewende inkomste		312	235	308	211	
Tesourie aandele		-	(10)	-	-	
		683	622	678	607	
Nie-bedryfslaste						
Langtermynlaste	13	1	3	1	1	
Langtermyn werknemer voordele	17	-	11	-	11	
Na-aftrede verpligtinge	14	88	66	88	65	
		89	80	89	77	
Bedryfslaste						
Handels- en ander krediteure	15	218	320	217	297	
Rentedraende korttermynlenings	16	565	812	565	812	
Lopende deel van langtermynlenings	13	-	-	-	-	
Lenings vanaf verwante partye	12.3	40	-	40	-	
Aandeelhouders vir dividende		-	3	-	3	
Voorsienings	17	42	27	42	27	
		865	1 162	864	1 139	
Laste geassosieer met nie-bedryfsbates gehou vir verkoop		15	1	-	1	-
TOTALE EKWITEIT EN AANSPEEKLIKHEDE			1 638	1 864	1 632	1 823

Inkomstestaat

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 APRIL

		GROEP		MAATSKAPPY	
	Aante- kening	2006 R'm	2005 R'm	2006 R'm	2005 R'm
Inkomste _____	#				
Dienste gelewer _____		464	494	468	500
Rente ontvang _____		81	89	81	89
Ander bedryfsaktiwiteite _____		3 434	3 667	3 124	3 360
Inkomste _____	#	3 979	4 250	3 673	3 949
Ander _____					
Verskansingstransaksies _____		5 154	4 703	5 154	4 703
Direkte transaksies _____		405	563	405	563
Waarde van sake gedoen _____	#	9 538	9 516	9 232	9 215
Inkomste		3 979	4 250	3 673	3 949
Koste van verkope _____		(3 212)	(3 376)	(2 962)	(3 133)
Bruto wins _____		767	874	711	816
Distribusie-, verkoops- en administratiewe uitgawes _____		(607)	(658)	(556)	(610)
Bedryfswins _____	21	160	216	155	206
Finansieringskoste _____		(62)	(84)	(62)	(84)
Wins na finansieringskoste _____		98	132	93	122
Beleggingsinkomste _____	22	5	14	6	17
Wins voor belasting _____		103	146	99	139
Inkomstebelasting _____	18	(18)	(43)	(14)	(38)
Wins uit voortgesette bedrywe _____		85	103	85	101
Wins met vervreemding van ongenoteerde aandele _____		-	100	-	100
Wins/(verlies) uit beëindigde bedrywe _____	27	22	(8)	22	(6)
Netto wins		107	195	107	195
Verdienste per aandeel (sent) _____	24.1	59,2	107,9		
Wesensverdienste per aandeel (sent) _____	24.2	58,1	54,2		
Wesensverdienste per aandeel - uitgesluit abnormale items (sent) _____	24.3	57,0	65,8		
Dividende per aandeel betaal gedurende die jaar (sent) _____		25,5	47,5		
Dividend per aandeel finaal voorgestel (sent) _____		15,0	5,5		

Sien Rekeningkundige beleid 1.11

Staat van verandering in ekwiteit

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 APRIL

	Aandele- kapitaal R'm	Aandele- premie R'm	Nie- verdeelbare reserwe R'm	Onaan- gewende inkomste R'm	Tesourie aandele R'm	Totaal R'm
GROEP						
Saldo op 30 April 2004	1	74	357	137	-	569
Vorige jaar aansuiwering (IFVS):						
Personeel Aandele Trust konsolidasie	-	-	-	20	(10)	10
Reguitlynige erkenning van bedryfshure	-	-	-	(6)	-	(6)
Aangesuiwerde saldo op 30 April 2004	1	74	357	151	(10)	573
Netto wins	-	-	-	195	-	195
Dividende betaal	-	-	-	(95)	-	(95)
Billike waarde aanpassing na inkomstestaat (IRS 39)	-	-	-	(51)	-	(51)
Oordrag vanaf nie-verdeelbare reserwe	-	-	(35)	35	-	-
Saldo op 30 April 2005	1	74	322	235	(10)	622
Netto wins	-	-	-	107	-	107
Dividende betaal	-	-	-	(47)	-	(47)
Terugkoop van eie aandele	-	(7)	(31)	-	-	(38)
Ontbinding van Personeel Aandele Trust	-	-	-	28	10	38
Oordrag na nie-verdeelbare reserwe	-	-	11	(11)	-	-
Saldo op 30 April 2006	1	67	303	312	-	683
MAATSKAPPY						
Saldo op 30 April 2004	1	74	353	136	-	564
Vorige jaar aansuiwering (IFVS):						
Reguitlynige erkenning van bedryfshure	-	-	-	(6)	-	(6)
Aangesuiwerde saldo op 30 April 2004	1	74	353	130	-	558
Netto wins	-	-	-	195	-	195
Dividende betaal	-	-	-	(95)	-	(95)
Billike waarde aanpassing na inkomstestaat (IRS 39)	-	-	-	(51)	-	(51)
Oordrag vanaf nie-verdeelbare reserwe	-	-	(32)	32	-	-
Saldo op 30 April 2005	1	74	321	211	-	607
Netto wins	-	-	-	107	-	107
Dividende betaal	-	-	-	(47)	-	(47)
Terugkoop van eie aandele	-	(7)	(31)	-	-	(38)
Ontbinding van Personeel Aandele Trust	-	-	-	49	-	49
Oordrag vanaf nie-verdeelbare reserwe	-	-	12	(12)	-	-
Saldo op 30 April 2006	1	67	302	308	-	678

Kontantvloeistaat

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 APRIL

	Aante- kening	GROEP		MAATSKAPPY	
		2006 R'm	2005 R'm	2006 R'm	2005 R'm
NETTO KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE		150	155	130	130
Kontant deur bedrywighede voortgebring	28	232	* 262	194	* 247
Verlaging/(verhoging) in bedryfskapitaal	29	20	* (25)	33	* (38)
Beleggingsinkomste		5	14	6	17
Inkomstebelasting betaal	30	(16)	-	(12)	-
Finansieringskoste betaal		(62)	(84)	(62)	(84)
Dividende betaal	31	(29)	* (12)	(29)	* (12)
NETTO KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE		56	92	75	115
Aankoop van eiendom, aanleg en toerusting	32	(26)	(40)	(25)	(38)
Opbrengs met die verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	33	9	10	9	10
Afname in beleggings		-	120	27	120
Netto opbrengs met verkoop van filiale	34	60	-	60	-
Afname in korttermynlenings toegestaan		13	2	4	23
NETTO KONTANTVLOEI VOOR FINANSIERINGSAKTIWITEITE		206	247	205	245
NETTO KONTANTVLOEI UIT LANGTERMYN FINANSIERINGSAKTIWITEITE		9	(1)	11	-
Terugkoop van eie aandele		(38)	-	(38)	-
Ontbinding van Personeel Aandele Trust		49	-	49	-
Afname in langtermynlenings	35	(2)	(1)	-	-
NETTO TOENAME/(AFNAME) IN KONTANT		215	246	216	245
Netto korttermynlenings na inagneming van kontant aan begin van die tydperk		(800)	(1 046)	(801)	(1 046)
NETTO KORTTERMYNLENINGS NA INAGNEMING VAN KONTANT AAN DIE EINDE VAN DIE TYDPERK	12.2	(585)	(800)	(585)	(801)

* Syfers herstateer weens 'n foutiewe klassifikasie in die 2005 finansiële jaarstate.
Sien aantekeninge 28, 29 en 31.

Aantekeninge tot die FINANSIËLE STATE

1. SEGMENTONTLEDING

1.1 Segment inkomste en resultate

	GROEP Segmentinkomste		GROEP Segmentresultaat	
	2006 R'm	2005 R'm	2006 R'm	2005 R'm
Insetverskaffing	903	935	(18)	(8)
Marktoegang	2 672	2 867	181	182
Nywerhede	17	22	5	6
Normale bedryfsaktiwiteite	3 592	3 824	168	180
Korporatiewe koste	30	10	(32)	(31)
Ander nie-toedeelbare koste	-	-	(12)	(4)
Intersegment verkope aan ander segmente	(86)	(107)	-	-
Beleggingsinkomste	-	-	5	14
Voortgesette bedrywe	3 536	3 727	129	159
Beëindigde bedrywe	443	523	28	(6)
Totale inkomste	3 979	4 250		
Wins voor abnormale items			157	153
Vervreemding van ongenoteerde aandele			-	104
Abnormale items			(32)	(19)
Resultaat voor belasting			125	238
Inkomstebelasting			(18)	(43)
Resultaat na belasting			107	195

1.2 Segment balansstaatinsligting

	GROEP Bates		GROEP Laste		GROEP Netto	
	2006 R'm	2005 R'm	2006 R'm	2005 R'm	2006 R'm	2005 R'm
Insetverskaffing	660	784	(368)	(522)	292	262
Marktoegang	807	812	(398)	(483)	409	329
Nywerhede	13	98	(7)	(71)	6	27
Bates/(laste) gehou vir verkoop	3	-	(1)	-	2	-
	1 483	1 694	(774)	(1 076)	709	618
Nie-toedeelbaar en Korporatief	74	113	(95)	(109)	(21)	4
Beleggings	2	7	(1)	(4)	1	3
	1 559	1 814	(870)	(1 189)	689	625
Uitgestelde belasting	62	51	-	-	62	51
Bank	20	12	-	-	20	12
Voorsiening na-aftrede medies	-	-	(88)	(66)	(88)	(66)
	1 641	1 877	(958)	(1 255)	683	622
Rekonsiliasie van segmentbates en -laste						
Totale bates of laste	1 638	1 864	(955)	(1 242)	683	622
Segmentontleding	1 641	1 877	(958)	(1 255)	683	622
Konsolidasie-inskrywings	(3)	(13)	3	13	-	-

1.3 Segment aantoonbare items

	GROEP		GROEP		GROEP	
	Kapitale uitgawes		Depresiasie		Waardedaling	
	2006	2005	2006	2005	2006	2005
	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm
Insetverskaffing _ _ _ _ _	3	5	2	3	-	11
Marktoegang _ _ _ _ _	14	29	12	12	-	-
Nywerhede _ _ _ _ _	1	5	1	5	-	-
Beëindigde bedrywe _ _ _ _ _	1	-	3	-	1	-
Korporatief _ _ _ _ _	7	2	10	13	-	-
	26	41	28	33	1	11

	Nie-kontanttransaksies		Herstruktureringstekos		Intersegmentverkope	
	2006	2005	2006	2005	2006	2005
	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm
Insetverskaffing _ _ _ _ _	9	5	2	-	-	-
Marktoegang _ _ _ _ _	(7)	43	-	-	63	82
Nywerhede _ _ _ _ _	-	(1)	-	-	-	25
Beëindigde bedrywe _ _ _ _ _	(7)	-	-	-	17	-
Korporatief _ _ _ _ _	53	30	-	-	6	-
	48	77	2	-	86	107

1.4 Geen ontleding in geografiese segmente word gedoen nie aangesien geen wesenlike segment in 'n aparte geografiese ligging bedryf word nie.

1.5 Die samestelling vir elke segment se inkomste en resultaat word soos hieronder uiteengesit:

Marktoegang	Vergoeding ontvang vir die hantering en opberging van landbouprodukte sowel as die totale inkomste van graan verkoop wat nie op agentskapbasis hanteer is nie asook kommissie verdien met bemaking van graan.
Insetverskaffing	Verkope by die handelswinkels asook direkte verkooptransaksies van boerdery-insette insluitende kredietverskaffing asook versekering en makelaarsdienste.
Nywerhede	Vervaardiging en verwerking van veevoere, wyn en saad.
Korporatief	Landboukundige dienste, hoofkantoor dienste, inligtingstechnologie, menslike hulpbronne, eiendomme, vlootbeheer, sekretariaat, korporatiewe bemaking, interne audit, strategiese ontwikkeling, korporatiewe finansies en direkteure.

VERVOLG OP BL. 60

Aantekeninge tot die finansiële state

VERVOLG VAN BL. 59

2. EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2006 R'm	2005 R'm	2006 R'm	2005 R'm
Kosprys _____	498	527	470	466
Grond _____	3	3	3	3
Geboue en verbeterings _____	206	221	184	195
Masjinerie en toerusting _____	258	265	252	235
Voertuie _____	31	37	31	33
Kapitale werk onder konstruksie _____	-	1	-	-
Opgelope depresiasie en waardedalings _____	(305)	(311)	(296)	(287)
Grond _____	-	-	-	-
Geboue en verbeterings _____	(92)	(97)	(89)	(94)
Masjinerie en toerusting _____	(190)	(188)	(184)	(169)
Voertuie _____	(23)	(26)	(23)	(24)
Totale drawaarde _____	193	216	174	179
Gehou vir verkoop _____	(3)	-	(3)	-
	190	216	171	179

- 2.1 Die registers ten opsigte van grond en geboue is ter insae by die geregistreerde kantore van die betrokke maatskappye.
- 2.2 Sekere bates is beswaar soos uiteengesit in aantekening 13.5.1 en 16.1.
- 2.3 Kapitaalverpligtinge van die Groep is uiteengesit in aantekening 20.

Rekonsiliasie van bewegings op eiendom, aanleg en toerusting vir 2006:

	Drawaarde begin van periode R'm	Aankope en aan- suiwerings R'm	Verkope R'm	Depresiasie R'm	Waarde- dalings voorsien R'm	Drawaarde einde van periode R'm
GROEP – 2006						
Grond _____	3	-	-	-	-	3
Geboue en verbeterings _____	124	1	(6)	(5)	-	114
Masjinerie en toerusting _____	77	22	(10)	(20)	(1)	68
Voertuie _____	11	3	(3)	(3)	-	8
Kapitale werk onder konstruksie _____	1	-	(1)	-	-	-
	216	26	(20)	(28)	(1)	193
Gehou vir verkoop _____						(3)
						190
MAATSKAPPY – 2006						
Grond _____	3	-	-	-	-	3
Geboue en verbeterings _____	101	1	(2)	(5)	-	95
Masjinerie en toerusting _____	66	21	-	(18)	(1)	68
Voertuie _____	8	3	(1)	(2)	-	8
	178	25	(3)	(25)	(1)	174
Gehou vir verkoop _____						(3)
						171

Rekonsiliasie van bewegings op eiendom, aanleg en toerusting vir 2005

